# Dade van ons Sagmoedige God

## ‘n Nuwe Dag Breek met Heerlikheid Aan Oor die Karakter van God

Jay A. Schulberg



# Dade van ons Sagmoedige God

## ‘n Nuwe Dag Breek met Heerlikheid Aan Oor die Karakter van God

### Die Saak vir ‘n Nie-gewelddadige God:

### ‘n Studie om Wanopvattings oor God Uit te Daag en ‘n Motiverende Alternatiewe Persepsie te Aan te Bied

*Jay A. Schulberg*

Kopiereg © 2017 Jay A. Schulberg

Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier, grafies, elektronies of meganies gebruik word of weergegee word nie, insluitend fotokopie, opname, bandopname of deur enige inligtingstoor herwinningstelsel sonder die skriftelike toestemming van die outeur, behalwe in die geval van kort aanhalings in kritiese artikels en resensies.

Skrifaanhalings word uit die Ou Afrikaanse Bybelvertaling (1953) geneem.

Gedruk deur
Maranatha Media

www.Vadervanliefde.com

November 2019

# Inhoud

Het jy al Ooit Gewonder? ........ 6
Maak dit Regtig Saak? ........ 8
Ons Volmaakte Patroon ........ 10
Ons Bron van Lewe ........ 12
Geskape Na Sy Beeld ........ 14
Die Meesterlike Bedrieër ........ 16
Wat is Sonde? ........ 18
Hoekom is Daar 'n Duiwel? ........ 21
Die Vernietigende Slang ........ 29
Die Lot van Job ........ 32
Hoekom Ons Die Bybel Verkeerd Lees ........ 38
Waarom Ons God Misverstaan ........ 40
Hoe God Vernietig ........ 45
Wat is die Toorn van God? ........ 47
Hoe God Oorlog Voer ........ 59
Sodom en Gomorra ........ 62
Wat van die Vloed? ........ 65
Die Getuienis van die Kruis ........ 71
God Is Nie 'n Tiran Nie ........ 73
Ons Skepper en Onderhouer ........ 81
Hoe Kan Ons die Ewige Lewe Hê? ........ 87
Moet Ons die Oordeel Vrees? ........ 94

Hoe Lyk God se Oordeel? ........................................................ 104
God is Nederig ........................................................ 109
God is ‘n Dienskneg, Nie ‘n Slawe-Opsigter Nie ........................................................ 112
God Het Jou Onvoorwaardelik Lief ........................................................ 115
Die Koninkryk van God ........................................................ 117
God Bied Ons Ware Vryheid ........................................................ 122
Samevatting ........................................................ 126

Voorwoord

# Het jy al Ooit Gewonder?

In die regstaal word verwys na 'n ramp wat geheel en al aan die kragte van die natuur toegeskryf kan word en nie redelikerwys verhinder kon word nie, as 'n *daad van God*. Hierdie frase word dikwels in versekeringspolisse ingesluit. Waar kom ons aan die idee dat God verantwoordelik is vir slegte dinge wat in ons wêreld gebeur? Bepaal Hy willekeurig wanneer en waar gebeure soos tornado's, aardbewings, orkane, vloede en ander natuurrampe plaasvind? Doen God iets om hierdie dinge te laat gebeur? Manipuleer Hy die natuurlike wêreld om Sy gewenste uitkoms te bewerkstellig? Waarom doen Hy nie meer om lyding in ons wêreld te voorkom nie? Ten slotte, was God verantwoordelik vir die geweld waarvan ons in die Bybel lees? Het *Hy* Homself aan geweld onderwerp?

Die Bybel bied antwoorde op hierdie vrae, maar ons moet dieper delf om dit te vind. Ons moet ook bereid wees om te hoor wat God oor Homself sê en hoe Hy werk, selfs as die feite, as dit wat ons van Hom glo, uitgedaag word.

Hierdie boek sal die karakter van God ondersoek soos dit in die Bybel geopenbaar word – wat Sy optrede is en, net so belangrik, wat Sy optrede nie openbaar nie. Baie mense glo dat God ons liefhet as ons Sy aanduidings volg, maar kwaad word oor ons ongeregtigheid en diegene bestraf wat teen Sy voorskrifte ingaan. Die doel van hierdie studie is om uit die Bybel te wys dat God *nooit* as 'n vernietiger opgetree het nie, maar slegs as 'n Skepper, Helper en Verlosser.

*Maar die wysheid van bo is ten eerste rein, dan vredeliewend, vriendelik, geseglik, vol barmhartigheid en goeie vrugte, onpartydig en ongeveins.*

— Jakobus 3:17

## 1

## Maak dit Regtig Saak?

Hoekom is dit belangrik om te weet hoe God in Sy wese is? Maak dit saak wat ons van God dink? Maak dit selfs saak of ons enigsins aan Hom dink? Die antwoorde op hierdie vrae lê by die fondasie van *alles* wat die moeite werd is om te weet. Wat ons van God en Sy karakter glo, bepaal *ons* eie karakter – en ons karakter is meer waardevol as al die materiële rykdom wat hierdie wêreld bied.

Jesus het gesê: "Ek en die Vader is een." (Johannes 10:30). God die Vader en die Seun van God is *een* in doel - *een* in karakter. Hulle verhouding is een van volmaakte harmonie. Die skrywer van Hebreërs verklaar dat Jesus "die afskynsel is van Sy [van God die Vader se] heerlikheid en die afdruksel van sy wese." (Hebreërs 1:3). God se heerlikheid is meer as net Sy prag; dit is Sy karakter. Toe Moses vir God gevra het om hom Sy heerlikheid te wys, het God voor Moses verbygegaan en Sy karakter bekend gemaak:

> HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; (7) wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe… (Exodus 34:6-7)

Om God te ken soos Hy *regtig* is, versoen ons met Hom. Hierdie kennis is genesend en lewe-gewend. Luister na wat Jesus in Sy gebed vir Sy Vader gesê het: "En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het." (Johannes 17:3). Jesus het deur Sy woorde en lewe gedemonstreer presies wat God die Vader is. Hy het gesê: “Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, die Seun kan niks uit Homself doen tensy Hy die Vader dit sien doen nie.

Want alles wat Hý doen, dit doen die Seun ook net so." (Johannes 5:19).

Wanneer ons besef dat God *voortdurend* liefdevol en barmhartig is, sal ons in liefde en vertroue na Hom getrek word. Ons is ten alle tye van God se liefde en goedhartigheid teenoor ons verseker, omdat Sy weë *nooit* verander nie. God verklaar in Maleági 3:6, "Want Ek, die HERE, het nie verander nie." Hy is nie veranderlik soos ons nie. Ons kan vriendelik, liefdevol en bedagsaam wees, solank ons eerlik en met respek behandel word, maar sodra ons diegene teenkom wat ons seermaak, is dit ons geneigdheid om kwaad te word en wil ons weerwraak neem. God reageer *nooit* in toorn of met vergelding nie.

God se Woord bevestig dat Jesus nie verander nie en ook nie die Vader nie: "Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid." (Hebreërs 13:8). "Elke goeie gif en elke volmaakte gawe daal van bo af neer, van die Vader van die ligte, by wie daar geen verandering of skaduwee van omkering is nie." (Jakobus 1:17). Hierdie woorde verseker ons ook dat ons sagmoedige God *nie* 'n gewelddadige kant het nie.

> *En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid.*
>
> —Johannes 1:14

## 2

# Ons Volmaakte Patroon

In die hart van die bergpredikasie gee Jesus ons die volmaakte patroon hoe om in 'n vyandige wêreld te lewe:

> Julle het gehoor dat daar gesê is: Jy moet jou naaste liefhê en jou vyand moet jy haat. (44) Maar Ek sê vir julle: Julle moet jul vyande liefhê; seën die wat vir julle vervloek, doen goed aan die wat vir julle haat, en bid vir die wat julle beledig en julle vervolg; (45) sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is; want Hy laat sy son opgaan oor slegtes en goeies, en Hy laat reën op regverdiges en onregverdiges. (46) Want as julle liefhet die wat julle liefhet, watter loon het julle? Doen die tollenaars nie ook dieselfde nie? (47) En as julle net julle broeders groet, wat besonders doen julle dan? Doen die tollenaars nie ook so nie? (48) Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is.
> (Matthéüs 5:43–48)

Wat leer hierdie gedeelte ons oor God? Jesus sê: "Julle moet jul vyande liefhê" en daarna: "sodat julle kinders kan word van julle Vader wat in die hemele is" en Hy sluit af met: "Wees julle dan volmaak soos julle Vader in die hemele volmaak is." Jesus vra ons om ons vyande te behandel net soos ons hemelse Vader Sy vyande behandel. Hy wil hê ons moet verstaan dat die verhewe beginsels wat Hy in die bergpredikasie voor ons stel, *eers* bereikbaar is wanneer ons bewus word dat dit voortgebring word deur God self.

In die lewe van Jesus vind ons ons volmaakte patroon oor hoe om ons vyande te behandel. Hy het nie een keer terugbaklei teen diegene wat Hom onreg aangedoen het nie. Vandat Hy verraai is en gearresteer

is, tot Sy kruisiging, toe Hy gevra het dat Sy vervolgers vergewe moes word – "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie." (Lukas 23:34) – het Hy net liefde gedemonstreer.

Toe Jesus nie in 'n Samaritaanse dorp verwelkom is nie, het sy dissipels, Jakobus en Johannes, gedink dat die dorp met vuur verwoes moes word: "Here, wil U hê ons moet sê dat vuur van die hemel afdaal en hulle verteer, soos Elia ook gedoen het? Maar Hy draai Hom om en bestraf hulle en sê: Julle weet nie van hoedanige gees julle is nie. Want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red." (Lukas 9:54-56).

Die beste manier vir ons om te weet hoe God in wese is, is om die lewe van Jesus te bestudeer. Hy het niemand ooit doodgemaak of gedreig om dit te doen nie. Jesus het niemand ooit seergemaak nie. Hy het niemand ooit veroordeel nie. Toe Filippus, namens die dissipels, Jesus gevra het om hulle die Vader te toon, het Hy geantwoord:

> Ek is so lankal by julle, en het jy My nie geken nie, Filippus? Hy wat My gesien het, het die Vader gesien. En hoe sê jy: Toon ons die Vader? (10) Glo jy nie dat Ek in die Vader is en die Vader in My nie? Die woorde wat Ek tot julle spreek, spreek Ek nie uit Myself nie; maar die Vader wat in My bly, Hy doen die werke. (Johannes 14:9–10)

Aan die begin van 'n studie wat die teologiese status quo uitdaag, moet ons bepaald die woorde van Jesus en Sy volmaakte voorbeeld in gedagte hou.

# 3

# Ons Bron van Lewe

Deur middel van ‘n voorlopige basis wat gelê is, het ons die waarheid dat God konsekwent liefdevol is, neergelê. Nou sal ons God se optrede in die Bybel ondersoek wat dit laat blyk of dit die teenoorgestelde is van die beginsels wat Jesus geleer het. In die boek Jesaja vind ons diepgaande insig in God se weë en gedagtes:

> Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. (9) Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë hoër as julle weë en my gedagtes as julle gedagtes. (Jesaja 55:8–9)

God se weë en gedagtes is oneindig hoër in doel en karakter, as ons weë en gedagtes. Hierdie definitiewe waarheid oor God is moeilik vir ons om te verstaan. In ons vasberadenheid om onsself te regverdig, stel ons ons voor dat God soos ons is. Ons word kwaad, daarom dink ons God moet ook soos ons kwaad word. Ons word aangedryf om weerwraak te neem wanneer ons verontreg word, daarom dink ons God moet dieselfde ingesteldheid hê om te vergeld wanneer Hy verontreg word. God vertel ons iets anders:

> Hierdie dinge het jy gedoen, en sou Ek swyg? Jy dink Ek is net soos jy! Ek gaan jou straf en jou dit ordelik voor oë stel. (Psalms 50:21)

Terwyl God ons wêreld geskape het, het Hy nie beplan dat dit op sy eie moes funksioneer nie. Vir God om onbetrokke te wees met ons wêreld sou nie net teenstrydig met Sy doel wees nie, dit sou beteken dat lewe op ons planeet nie kon voortbestaan nie. "Want in Hom lewe

ons, beweeg ons en is ons." (Handelinge 17:28). God onderhou ons in elke asem wat ons neem.

God is die Bron en Onderhouer van alle lewe. Daar *is* egter een ding wat ons van Hom kan skei – sonde. Wat is sonde? Ons dink dikwels aan sonde as die slegte dinge wat ons doen, soos bv. om God se gebooie te oortree. Die gedagte is dat sonde op een of ander manier gekwantifiseer kan word; sommige van ons het 'n groot hoeveelheid daarvan en ander weer het nie soveel nie of het selfs baie min. In die Bybel leer ons dat die slegte dinge wat ons doen, die simptome is van 'n diep ingewortelde kwaal wat ons almal van ons eerste ouers geërf het. Hierdie kwaal is om die leuen te glo dat God omsien na Sy eie belange. Hierdie leuen van die duiwel was bemaak aan die menslike ras in die tuin van Eden, en dit het ons beeld van God sedertdien verdraai.

Nadat God Adam en Eva geskape het en hulle in die tuin geplaas het, is hulle een beperking gegee – en slegs een:

> En die HERE God het aan die mens bevel gegee en gesê: Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, (17) maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe. (Genesis 2:16–17)

Dit is maklik om te verstaan hoekom God die "boom van die lewe" (Genesis 2:9) in die tuin geplaas het, maar dit is moeilik vir ons om te waardeer *waarom* Hy “die boom van die kennis van goed en kwaad” in daardie perfekte omgewing geplaas het. Aanvanklik kan ons dalk die teenwoordigheid van die boom, met die waarskuwing om nie daarvan te eet nie, sien as 'n uitnodiging tot 'n ramp.

4

## Geskape Na Sy Beeld

In Genesis vind ons ons erfenis: "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis... En God het die mens geskape na sy beeld; na die beeld van God het Hy hom geskape; man en vrou het Hy hulle geskape." (Genesis 1:26-27). Wat beteken dit om na God se beeld geskape te word, en wat *is* God se beeld? Ons sal ontdek wat God se beeld is as ons 'n definisie vind wat beskryf wie God is. Die presiese definisie word in 1 Johannes 4:8 gevind: "God is liefde." Let op dat die vers nie net sê: "God is liefdevol," asof *liefde* een van Sy vele karaktereienskappe is nie, maar dit sê eenvoudig: "God *is* liefde." Enigiets anders wat ons van God kan weet, moet in ooreenstemming met hierdie definisie wees. Daarom, net soos God volmaak is, kan ons redelik tot die gevolgtrekking kom dat die liefde van God ook volmaak moet wees, sonder 'n greintjie van eiebelang. Verder moet Sy liefde *onveranderlik* wees, soos Hy onveranderlik is.

As ons na die beeld van God gemaak is, dan moet ons deur God geskape wees om liefde te *ervaar*. Maar vir liefde om liefde te *wees*, kan nie gedikteer of op enige manier afgedwing word nie. Dit kan slegs vrylik gegee word as 'n keuse. Dit word maklik verstaan as ons 'n persoon wat honger na liefde, met 'n gelaaide wapen aanskou, wat op 'n bus klim en aandring op liefde van die passasiers met die dreigement van die dood. Sal hierdie metode liefde genereer?

Gestel ons verkry 'n minder drastiese manier van liefdesbetoning deur 'n robot te bou wat geprogrammeer is om te sê: "Ek is lief vir jou" wanneer ons in sy teenwoordigheid kom. Sal dit 'n bevredigende en betekenisvolle liefde-gebaseerde verhouding tot gevolg hê? Is hierdie metodes, wat nie die liefde vir ons sal verseker nie, sootgelyk aan God se metodes?

Kom ons gaan terug na die tuin van Eden en daardie verwarrende verbode boom. As God nie daardie boom gemaak het nie, sou dit vir die mens moontlik gewees het om God lief te hê soos God liefhet? Vir liefde, om liefde te *wees*, vereis dit dat liefde vrylik gegee word. Vir liefde om vrylik gegee te word, moet ons ook die vryheid hê om *nie* lief te hê nie. Liefde is altyd 'n keuse; liefde kan nie beveel of afgedwing word nie.

As God ons eerste ouers kon geskape het en hulle in die tuin geplaas het sonder om 'n tasbare manier te gee waardeur hulle kon gekies het om *nie* lief te hê en Hom *nie* te vertrou nie, sou dit nie vir hulle moontlik gewees het om lief te hê soos God self liefhet nie. Net soos God ons Bron van die lewe is, is Hy ook ons Bron van ware liefde – lewe en liefde is onafskeidbaar. Om in God se beeld geskep te word, gee aan elkeen van ons die potensiaal om 'n liefdevolle vriend vir ons Skepper te word.

God het nie die boom van die kennis van goed en kwaad, met die verbod om van sy takke te eet, geplaas as 'n arbitrêre toets van ons gehoorsaamheid aan Hom nie, maar as 'n versekering dat Hy ons vryheid van keuse so hoog waardeer dat Hy bereid was om die risiko te neem dat ons *kon* kies om van Hom af weg te draai. Wanneer ons die rede verstaan waarom God die verbode boom in die tuin geplaas het, sal ons Hom nie daarvan beskuldig dat Hy 'n selfsugtige diktator is nie. Daar was egter *een* wat bereid was om God van hierdie kwessie te beskuldig.

## 5

## Die Meesterlike Bedrieër

> Maar die slang was listiger as al die diere van die veld wat die HERE God gemaak het. En hy sê vir die vrou: Is dit ook so dat God gesê het: Julle mag nie eet van al die bome van die tuin nie? (2) En die vrou antwoord die slang: Van die vrugte van die bome in die tuin mag ons eet, (3) maar van die vrugte van die boom wat in die middel van die tuin is, het God gesê: Julle mag daarvan nie eet nie en dit nie aanroer nie, anders sal julle sterwe. (4) Toe *sê die slang vir die vrou: Julle sal gewis nie sterwe nie;* (5) *maar God weet dat as julle daarvan eet, julle oë sal oopgaan, sodat julle soos God sal wees deur goed en kwaad te ken.*

—Genesis 3:1–5, (klem bygevoeg)

Laat ons eers die identiteit van hierdie pratende slang bepaal. Wie is hierdie slang? "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp" (Openbaring 12:9). Eva het nie net met 'n intelligente slang gesels nie, maar met Satan self – die meesterlike bedrieër.

Die slang het, deur subtiele insinuasie, God daarvan beskuldig dat Hy vir Adam en Eva gelieg en iets goed van hulle weerhou het. Verder, as hulle eenvoudig net die vrugte sou eet, sou hulle oë oopgemaak word, en hulle soos "God sal wees deur goed en kwaad te ken." Wie het die waarheid gepraat? Watter een moes sy vertrou? God of Satan?

> Toe sien die vrou dat die boom goed was om van te eet en dat hy ‘n lus was vir die oë, ja, ‘n boom wat ‘n mens kan begeer om

> verstand te verkry; en sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet. (7) Toe gaan altwee se oë oop, en hulle word gewaar dat hulle naak is; en hulle het vyeblare aanmekaargewerk en vir hulle skorte gemaak. (8) En hulle het die stem van die HERE God gehoor terwyl Hy wandel in die tuin in die aandwindjie; en die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die HERE God tussen die bome van die tuin. (9) Toe roep die HERE God na die mens en sê vir hom: Waar is jy? (Genesis3:6–9)

Toe Adam en Eva van die verbode boom geëet het, is hulle oë geopen (hulle het selfbewus geword), en hulle het probeer om hulself van God te verberg. Wat was God se reaksie? Hy het hulle gaan soek. Sy eerste woorde was: "Waar is jy?" Hy het die versoening met Sy vervreemde kinders probeer instel.

> *Want die Seun van die mens het gekom om te soek en te red wat verlore was.*
>
> —*Jesus (Lukas 19:10)*

## 6

## Wat is Sonde?

Goed, kom ons gaan terug na die vraag: wat is sonde? Om die korrekte definisie te vind, is dit belangrik dat ons presies weet wat verkeerd gegaan het by die "boom van die kennis van goed en kwaad." In Genesis 3:6 het die vrou drie wenslike eienskappe van die boom gesien:

1. "Die boom [was] goed om van te eet." Op die oppervlak lyk dit dalk waar, as dit nie vir die feit was dat die boom as voedselbron verbode was nie. Die probleem was nie met die vrug self nie, maar die vrou het dit nou as *goed* aanskou.

2. Die boom was "'n lus…vir die oë." Alles wat God in die tuin geskape het, was volmaak, daarom sou die boom wel "…'n lus…vir die oë" wees. Die vrou het nog een *begeerlike* kwaliteit van die boom gesien.

3. "…'n Boom wat 'n mens kan begeer om verstand te kry." Regtig? Het hierdie boom mistieke eienskappe gehad? Was die slang reg? Om kennis van goed en kwaad te hê, is dit *regtig* begeerlik? En wat beteken dit om 'n kennis van goed en kwaad te hê? Is dit slegs om inligting te verkry?

Die vers eindig met "sy neem van sy vrugte en eet en gee ook aan haar man by haar, en hy het geëet." Dit word dikwels beskou as die mens se eerste sonde, maar *wat* is die sonde? Wat het eerste gekom – om die vrug te eet of om die slang se leuens te glo omtrent God?

Die grootste probleem was dat Eva die slang se leuen geglo het, naamlik dat God uit selfsug iets goeds van hulle weerhou het. Sonde is

nie net die aksie self nie, sonde is nie 'n kwantifiseerbare stof nie. Sonde, in sy kern, is 'n patologiese toestand van die verstand wat God sien as Een wat selfgesentreerd is en dus is die gemoed nie in staat om Hom te vertrou nie.

Sonde kan vergelyk word met 'n siekte. In 'n siekte is daar 'n onderliggende oorsaak, soos 'n bakteriële infeksie, 'n metaboliese afwyking of 'n immuunstelsel disfunksie. Hierdie primêre oorsake veroorsaak een of meer simptome: koors, naarheid, pyn, duiseligheid, lusteloosheid, ensovoorts. Die primêre oorsaak van sonde is om die leuen omtrent God te glo. As gevolg daarvan vervreem ons onsself van Hom, wie se liefde ander-gesentreerd is. Ons uiterlike *sondes* (die simptome) is die gevolg daarvan om te glo dat God self-dienend is (die patologiese oorsaak). Jesus het in hierdie gesprek met die skrifgeleerdes en Fariseërs gebruik gemaak van hierdie analogie van sonde, wat 'n siekte is wat genesing benodig:

> En toe die skrifgeleerdes en die Fariseërs Hom saam met die tollenaars en sondaars sien eet, sê hulle vir sy dissipels: Wat is dit dat Hy saam met die tollenaars en sondaars eet en drink? (17) En toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar *die wat ongesteld is*. Ek het nie gekom om regverdiges te roep nie, maar *sondaars* tot bekering. (Markus 2:16–17, klem bygevoeg)

Sonde is dodelik, omdat dit ons van God, die Bron van alle lewe, skei. In hierdie skeiding wat plaasvind, is dit nooit God wat Homself van ons skei nie – dit is altyd ons wat ons van Hom skei. Adam en Eva het vir God, eerder as Satan, bang geword – die een wat hulle *moes* vrees. Nadat die vrug geëet is, sê die Bybel: "...die mens en sy vrou het hulle verberg vir die aangesig van die HERE God tussen die bome van die tuin." (Genesis 3:8). Ons het sedert daardie dag van ons sagmoedige God weggekruip.

Ons sal goed doen om daarop te let dat, toe Adam en Eva deur God gewaarsku is om nie van die verbode boom te eet nie, het Hy *nie* gesê: "Op die dag dat jy daarvan eet, sal Ek jou doodmaak," nie. Hy het gesê: "...die dag as jy daarvan eet, sal jy sekerlik sterwe." (Genesis 2:17). Toe die man en sy vrou van die boom geëet het, het die proses van doodgaan op daardie dag begin, omdat hulle hulself van hul Lewensbron geskei het. Dit is sonde (deur die leuen te glo dat God selfsugtig en onbetroubaar is) wat *dodelik* is, nie God nie: "Want die loon van die sonde is die dood" (Romeine 6:23). God is nie in die sondebedryf nie; Hy betaal nie die loon van sonde nie.

Dit is ook duidelik dat, nadat Adam en Eva die vrugte van die verbode boom geëet het, hulle veel meer ontvang het as kennis van goed en kwaad. Hulle het hulself en hul nageslag onbewus verbind om die kennis van goed en kwaad te *ervaar*. Hulle sal nie net *van* kwaad weet nie; hulle sal dit dink, hulle sal dit leef, hulle sal daaraan verslaaf wees, en hulle sal as gevolg daarvan pyn, lyding, vrees en dood *ken*.

Die onvermydelike gevolge van die sonde, wat ons wêreld binnegekom het nie, was nie alleenlik deur die mensdom gely nie. Die hele natuur is beïnvloed deur die disharmonie tussen die skepping en die Skepper, wat deur Adam en Eva se sonde geïnisieer is: "Want ons weet dat die hele skepping tesame sug en tesame in barensnood is tot nou toe." (Romeine 8:22). Die aarde het 'n gevaarlike plek geword vir die mensdom en die diere. Sedert die vloed in Noag se tyd is die aarde onderworpe aan gewelddadige weer, aardbewings, vulkane en ander katastrofale kragte van die natuur. Die gewelddadige kragte, soos gesien in die natuur, is nie van God nie; hulle bestaan net omdat *ons* God op 'n afstand van ons geplaas het.

7

# Hoekom is Daar ‘n Duiwel?

Daar is reeds verwys na 'n letterlike, geestelike wese wat in opposisie tot God gestel word. Die Bybel verwys na hierdie wese as Satan, die duiwel, die slang, leviatan (‘n seemonster), en Lucifer, asook verskeie ander titels.

In vergelyking met tweehonderd jaar gelede, glo 'n baie kleiner persentasie mense in die Westerse beskawing vandag in 'n letterlike duiwel. In ons moderne kultuur word Satan dikwels na die koninkryk van bygeloof en onkunde verplaas. Dit is met hierdie idee in gedagte, en om die vraag te beantwoord, dat ons die Bybelse weergawe van Satan (die teenstander) sal ondersoek.

Satan word as 'n gevalle engel in die Bybel geïdentifiseer. Die term *gevalle*, impliseer dat Satan oorspronklik 'n sondelose wese was, wat gekies het om teen sy Skepper te rebelleer. Hoekom hy teen God gerebelleer het, is 'n raaisel, met inagneming van die perfekte omgewing van die hemel. Hy het blykbaar 'n posisie van eer en invloed onder die engele gehad. Op 'n sekere stadium het 'n saad van trots ontkiem en gegroei, wat tot ontevredenheid met sy posisie in die hemel gelei het. Dit het uiteindelik ‘n hoogtepunt bereik deur openlike opstand teen God.

Satan was nie alleen in sy opstand nie. Hy kon ondersteuning van baie van die ander engele verkry, alhoewel die meerderheid van die engele verkies het om getrou aan God te bly. Die oorlog wat voortgespruit het uit die opstand van Satan en sy volgelinge, was nie 'n oorlog wat fisiese wapens ingesluit het soos dié wat in hierdie wêreld se konflik gebruik word nie. God het in hierdie hemelse oorlog die oorhand gehad met liefde teen selfsug, waarheid teen misleiding, deursigtigheid teen geheimhouding, rede teen irrasionaliteit, geduld teen wanhoop en vertroue teen verdenking.

Dit is redelik om te glo dat die metodes wat Satan op Eva in die tuin van Eden gebruik het, om haar vervreemding van God te veroorsaak, dieselfde was wat vroeër deur hom beoefen was om volgelinge vir sy saak in die hemel te kry. Tot op daardie tydstip was daar nooit 'n vraag oor God se regverdigheid voor die hemelse engele gebring nie. Hulle kon nie met absolute sekerheid weet of Satan se aanklagte teen God enige geldigheid gehad het of nie. Om hierdie rede het Satan die geleentheid gekry om sy regeringswyse te demonstreer.

Ons mag wonder waarom God nie Sy teenstander vernietig het aan die begin van die opstand nie. Sou dit nie die uitbreiding van rebellie verhoed het nie? Nee, dit sou net vir die engele bevestig het dat Satan se aanklagte teen God *wel* geldig was. Sou God Satan vernietig het, sou die daad vryheid ontken het en vryheid 'n leë ideaal gemaak het sonder inhoud. Daar is ook iets anders. Om konsekwent te wees in ons studie van die Bybel, toon die meerderheid bewyse dat God nooit vernietig nie – sonde wel. Satan *sal* uiteindelik vernietig word. Hierdie vernietiging sal nie van God kom nie, maar van Satan se eie sonde:

> Verder het die woord van die HERE tot my gekom en gesê: (12) Mensekind, hef ‘n klaaglied aan oor die koning van Tirus, en sê vir hom: So spreek die Here HERE: Jy was die seëlring van eweredigheid, vol wysheid en volmaak in skoonheid. (13) Jy was in Eden, die tuin van God; allerhande edelgesteentes was jou bedekking: karneool, topaas en jaspis, chrisoliet, oniks, sardoniks, saffier, karbonkel en smarag; en van goud was die werk van jou kassies en groewe aan jou; op die dag toe jy geskape is, is hulle berei. (14) *Jy was ‘n gérub met uitgespreide vlerke wat beskut, en Ek het jou gestel op ‘n heilige berg; ‘n god was jy; jy het gewandel tussen vurige gesteentes.* (15) *Jy was volkome in jou weë van die dag af dat jy geskape is, totdat daar ongeregtigheid in jou gevind is.* (16) Weens die grootheid van jou koophandel het hulle jou binneste met geweld gevul, en jy het gesondig; daarom het Ek jou as

> onheilige van godeberg afgedrywe, en Ek het jou tussen die vurige gesteentes uit vernietig, o gérub wat beskut! (17) *Hoogmoedig het jou hart geword oor jou skoonheid; jy het jou wysheid verderwe weens jou glans.* Ek het jou op die grond gewerp, Ek het jou oorgegee voor die aangesig van konings, dat hulle op jou neer kan sien. (18) Weens die menigte van jou ongeregtighede, deur die onreg van jou koophandel, het jy jou heiligdomme ontheilig; *daarom het Ek 'n vuur uit jou binneste laat uitgaan; dit het jou verteer*, en Ek het jou tot as gemaak op die aarde voor die oë van almal wat jou gesien het. (19) Al jou bekendes onder die volke is ontsteld oor jou; jy het 'n verskrikking geword en *sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie*. (Eségiël 28:11-19, klem bygevoeg)

In hierdie verklaring illustreer die koning van Tirus Satan op gepaste wyse. Satan was perfek geskape, sonder 'n spoor van trots of selfsug. Sy val van volmaaktheid was sy eie toedoen; hy het geen verskoning gehad vir die koers wat hy ingeslaan het nie. Hy het trots geword vanweë sy skoonheid. Die "vuur" wat Satan sal verwoes, sal nie van 'n bron van buite kom nie; dit sal van binne Satan self afkomstig wees. Hierdie vuur is sy eie selfsug. Dit is hierdie selfgegenereerde vuur wat hom sal verteer. Satan sal ophou om te bestaan – "jy… sal daar nie meer wees tot in ewigheid nie."

> Hoe het jy uit die hemel geval, o môrester, seun van die dageraad! Hoe lê jy teen die aarde neergeslaan, oorweldiger van die nasies! (13) En jy het in jou hart gesê: *Ek wil opklim* in die hemel, *my* troon *verhef* bo die sterre van God en *sit* op die berg van samekoms in die uithoeke van die Noorde. (14) *Ek wil klim bo* die hoogtes van die wolke, *my gelykstel met die Allerhoogste*! (Jesaja 14:12-14, klem bygevoeg)

Lucifer (Satan se oorspronklike titel) het geval, omdat hy probeer het om homself te verhef. Jesus het Sy volgelinge geleer: "Wie homself verhoog, sal verneder word, en wie homself verneder, sal verhoog word" (Matthéüs 23:12). Lucifer het sy eie vernedering bewerkstellig. Sy woorde "Ek wil … my gelykstel met die Allerhoogste" verraai die waarheid dat hy net God se posisie gesoek het. Hy het geen belangstelling gehad om God se karakter te weerspieël nie (die enigste manier waarop 'n geskape wese *soos* God kan wees).

By die bestudering van hierdie gedeelte moet ook opgemerk word dat die gedagtes wat oor God uitgespreek word, Lucifer s'n is en nie 'n akkurate beskrywing is van God se motiewe nie. Lucifer het, weens sy obsessie vir selfverheffing, homself verbeel dat God dieselfde selfsugtige motief gehad het.

> En daar het oorlog in die hemel gekom: Mígael en sy engele het oorlog gevoer teen die draak, en die draak en sy engele het oorlog gevoer; (8) en hulle kon nie oorwin nie, en hulle plek was in die hemel nie meer te vinde nie. (9) En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp. (Openbaring 12:7-9)

Hierdie gedeelte beskryf die oorlog in die hemel waar Satan sy misleidingswerk begin het. Sy werk is nie beperk tot 'n klein hoekie van ons planeet nie; hy het die "hele wêreld verlei."

> Toe sê Hy vir hulle: Ek het die Satan soos 'n bliksem uit die hemel sien val. (Lukas 10:18)

Jesus praat hier van die spoed van Satan se val van lojaliteit tot opstand.

> Want ons het ‘n skouspel geword vir die wêreld, vir die engele sowel as vir die mense. (1 Korinthiërs 4:9)

> …deur dié wat die evangelie aan julle verkondig het in die Heilige Gees wat van die hemel gestuur is – dinge waarin die engele begerig is om in te sien. (1 Petrus 1:12)

Toe die Satan in die hemel opstandig geword het en 'n aantal engele saam met hom geneem het, het die oorblywende lojale engele nie ten volle verstaan wat gebeur het nie en waarom dit gebeur het nie. Die evangelieboodskap is vir hulle, sowel as vir ons; hulle is intens geïnteresseerd in God se onbaatsugtige pogings op hierdie aarde om die mensdom van selfvernietiging te red. Die "ewige evangelie" (Openbaring 14:6) is die versekering dat die heelal vir ewig beskerm sal wees van alle twyfel oor God se betroubaarheid: "Wat wil julle beraam teen die HERE? Hy maak daar ‘n einde aan; die benoudheid sal nie twee maal opkom nie." (Nahum 1:9).

> Toe is Jesus deur die Gees weggelei die woestyn in om versoek te word deur die duiwel. (2) En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword. (3) En die versoeker het na Hom gekom en gesê: *As U die Seun van God is*, sê dat hierdie klippe brode word. (4) Maar Hy antwoord en sê: Daar is geskrywe: Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke woord wat deur die mond van God uitgaan. (5) Toe neem die duiwel Hom saam na die heilige stad en laat Hom op die dak van die tempel staan (6) En sê vir Hom: *As U die Seun van God is*, werp Uself af; want daar is geskrywe: Hy sal sy engele bevel gee aangaande U, en hulle sal U op die hande dra, sodat U nie miskien u voet teen ‘n klip stamp nie. (7) Jesus sê vir hom: Daar is óók geskrywe: Jy mag die Here jou God nie versoek nie. (8) Weer neem die duiwel Hom saam na ‘n baie hoë berg en wys Hom al die koninkryke

> van die wêreld en hulle heerlikheid, (9) en sê vir Hom: Al hierdie dinge sal ek aan U gee as U neerval en my aanbid. (10) Toe sê Jesus vir hom: Gaan weg, Satan! want daar is geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien. (11) Daarna het die duiwel Hom laat staan, en daar het engele gekom en Hom gedien. (Matthéüs 4:1–11, klem bygevoeg)

Satan het na Jesus gekom as 'n versoeker; sy oënskynlike doelwit was om Jesus se vertroue in en afhanklikheid van Sy Vader te verbreek. Satan het sukses behaal deur 'n soortgelyke benadering tot Eva in die tuin van Eden te gebruik. Satan was vasbeslote om Jesus se doelwit, om na hierdie wêreld te kom om die mensdom te red, te stuit deur Jesus te versoek om Sy goddelike krag te gebruik om Homself te bevoordeel. Die bedrieër was desperaat om te verhoed dat Jesus slaag in Sy missie om God se *onbaatsugtigheid* te openbaar – wat Satan sou ontbloot as die leuenaar wat hy is.

In een van die versoekings het die duiwel Jesus die "koninkryke van die wêreld" aangebied, as Jesus net sou neerval en hom aanbid. Dit is opmerklik dat Jesus nie ingestem het om die duiwel se aanspraak op jurisdiksie te aanvaar oor die "koninkryke van die wêreld" nie. Toe God aanvanklik die mens geskape het, het hy die mensdom heerskappy gegee "oor die hele aarde" (Genesis 1:26), maar toe Adam en Eva die leuen van Satan oor hul Skepper geglo het, het hulle hierdie heerskappy in wese oorhandig aan die duiwel. Ons sien misleiding, onderdrukking, dwang en ongelykheid in die "koninkryke van die wêreld." In God se koninkryk word geen dwang op enige tydstip of onder enige omstandighede gebruik nie. Daar is geen ooreenkoms tussen Sy koninkryk en die koninkryke van hierdie wêreld, wat staatmaak op die oppergesag van die wet eerder as die wet van die liefde, nie.

> Ek sal nie veel meer met julle spreek nie; want die owerste van hierdie wêreld kom en het aan My niks nie. (Johannes 14:30)

Jesus bevestig dat dit Satan is wat die "owerste van hierdie wêreld" is. Wanneer ons die bestaan van Satan en sy wydverspreide invloed op ons planeet ontken, lê ons onwetend die skuld op God vir ons lyding.

> Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu, en soek wie hy kan verslind. (1 Petrus 5:8)

Die duiwel is ons teëstander – *nie* God nie.

> Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. (12) Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. (Efésiërs 6:11-12)

Wanneer ons besef ons is almal slagoffers van die misleiding oor God wat afgesmeer het op die mensdom, sal ons nie na ander mense as ons vyande kyk nie, maar as mede-slagoffers van hierdie massiewe misleiding.

> En hulle het as koning oor hulle die engel van die afgrond; sy naam in Hebreërs is Abáddon, en in Grieks het hy die naam van Apóllion. (Openbaring 9:11)

Die "engel van die afgrond" verwys na Satan. Apóllion, die naam wat hom hier gegee is, beteken *vernietiger* in die Grieks. *Satan* is die

vernietiger. Sou ons enige regverdiging hê om ons sagmoedige God dieselfde titel te gee?

> *Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. Ek het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.*
>
> —Jesus (Johannes 10:10)

## 8

## Die Vernietigende Slang

Dit lyk of die plae wat God teen die Egiptenare gestuur het, God se mees doelbewuste dade van vernietiging is. Oënskynlik is daar geen ander manier om hierdie gebeure in die Bybel te interpreteer nie. Onthou egter die vers wat ons vroeër gelees het: "Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE." (Jesaja 55:8).

God het Moses opdrag gegee om die kinders van Israel van Egiptiese slawerny na vryheid te lei. Hy moes voor Farao verskyn om hom te waarsku oor die rampe wat in sy land sou plaasvind. Toe God Moses in die woestyn ontmoet het, het Hy vir hom 'n aanskouingsles gegee wat Moses en Aäron later voor Farao sou demonstreer, wat die heerser presies sal wys wat God se rol in die komende rampspoedige gebeure sou wees:

> Daarop vra die HERE vir hom: Wat is daar in jou hand? En hy antwoord: ‘n Staf. (3) En Hy sê: Gooi dit op die grond, en dit het ‘n slang geword; en Moses het daarvoor gevlug. (4) Toe sê die HERE vir Moses: Steek jou hand uit en gryp dit aan die stert. Hierop het hy sy hand uitgesteek en dit gegryp, en dit het ‘n staf in sy hand geword. (Exodus 4:2-4)

> …en Hy sê: Is jou broer Aäron, die Leviet, nie daar nie? Ek weet dat hý goed kan praat… (16) En hy moet vir jou met die volk spreek, en dan sal hy vir jou ‘n mond wees en jy vir hom ‘n god wees. (17) Neem dan hierdie staf in jou hand waarmee jy die tekens moet doen. (Exodus 4:14, 16-17)

Moses moes voor Farao verskyn as God se verteenwoordiger. God se doel in hierdie demonstrasie was dat dit meer as 'n blote vertoning van mag is; dit was 'n illustrasie om die *werklike* vernietiger te identifiseer. Toe Moses, as God se verteenwoordiger, die staf in sy hand gehou het, het dit die magte van die natuur onder God se beheer, gesimboliseer. Geen kwaad kon na Egipte kom nie, solank as wat God se beskermende hand die vernietigende magte van die natuur teruggehou het. Toe Moses die staf neergewerp het, het dit 'n slang geword, die simbool van boosheid en vernietiging. Dit simboliseer die magte van die natuur buite God se beheer en onder die beheer van Satan – die vernietiger.

Honderde jare voor die tyd van Moses en nadat Josef (wie deur sy halfbroers in slawerny verkoop is) Farao se ontstellende drome vertolk het, was daar 'n baie beter verhouding tussen die Egiptenare en die kinders van Israel. Farao het Josef verhef tot 'n ereplek en respek vir die interpretasie van die profetiese drome en vir sy versiende blik om die nasie vir 'n sewe jaar hongersnood voor te berei. Josef se familie was hartlik verwelkom. Die Egiptenare het hul waardering getoon vir Josef en die God wie hy aanbid het. God kon die volk ryklik seën. Baie jare ná die dood van Josef het die Egiptenare egter van hom en sy God vergeet en slawe gemaak van die kinders van Israel wie in die land voorspoedig was en vermeerder het. Die Egiptenare het deur hul dade die boodskap oorgedra dat hulle nie God se teenwoordigheid begeer het nie. Hulle het hul eie gode gehad en wou nie die God van hulle slawe erken nie. God kon nie langer volhou met Sy volle mate van seën en beskerming, en terselfdertyd die Egiptenare hul vryheid gee om van Hom te skei nie.

As Farao op enige tydstip, vandat die plae begin het, hom van sy uittartende koers sou wend en die Israeliete laat gaan het, sou God weer beheer geneem het oor die magte van die natuur en die plae sou geëindig het. Die koppige heerser het dit nie gedoen nie, en Egipte was oorgelaat aan verderf. God se rol in die plae van Egipte word duidelik

wanneer ons die simboliese boodskap wat God in die staf en die slang gegee het, in aanmerking neem.

Bykomende ondersteuning om God te bevry van aanklagte van vernietiging deur natuurlike elemente, word in die boek van 1 Konings gevind. Die profeet Elía het weggekruip in 'n grot, op 'n lae punt in sy bediening, weg van koningin Jesébel wie sy lewe bedreig het. God het na Sy vlugtelingprofeet gekom:

> ...die HERE het… vir hom gesê: Wat maak jy hier, Elía? (10) En hy antwoord: Ek het baie geywer vir die HERE, die God van die leërskare; want die kinders van Israel het u verbond verlaat, u altare afgebreek en u profete met die swaard gedood, sodat ek alleen oorgebly het, en hulle soek my lewe om dit weg te neem. (11) En Hy sê: Gaan uit en staan op die berg voor die aangesig van die HERE. *En kyk, die HERE het verbygegaan*, terwyl 'n groot en sterk wind die berge skeur en die rotse verbreek voor die HERE uit; in die wind *was* die HERE *nie*. En ná die wind 'n aardbewing; in die aardbewing *was* die HERE *nie*. (12) En ná die aardbewing 'n vuur; in die vuur *was* die HERE *nie*. En ná die vuur *die gesuis van 'n sagte koelte*. (1 Konings 19:9-12, klem bygevoeg)

Ons sagmoedige God spreek steeds die hoorbaarste in die gesuis van 'n sagte koelte.

# 9

# Die Lot van Job

Die boek Job bied duidelike bewyse van Satan se rol in dade van lyding en vernietiging. Dit gee ons ook 'n blik agter die skerms in die geestelike stryd tussen God en die magte van die bose. Job, “'n man vroom en opreg" (Job 1:8), het homself bevind in 'n intense kruisvuur op ‘n kritieke tyd in dié geestelike stryd:

> En op ‘n dag toe die seuns van God kom om hulle voor die HERE te stel, het die Satan ook onder hulle gekom. (7) Toe vra die HERE vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord die HERE en sê: Van ‘n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het. (8) En die HERE vra vir die Satan: Het jy ag gegee op my kneg Job? Want daar is niemand op die aarde soos hy nie: ‘n man vroom en opreg, godvresend en wat afwyk van die kwaad. (9) En die Satan antwoord die HERE en sê: Is dit verniet dat Job God vrees? (10) Het U nie self hom en sy huis en alles wat hy het, aan alle kante rondom, beskut nie? Die werk van sy hande het U geseën, en sy vee het sterk vermeerder in die land. (11) Maar strek u hand uit en tas alles aan wat hy het – waarlik, hy sal U in u aangesig seën! (12) Daarop sê die HERE aan die Satan: Kyk, alles wat hy het, is in jou hand; net na homself mag jy jou hand nie uitsteek nie. En die Satan het weggegaan van die aangesig van die HERE. (Job 1:6-12)

Satan het dadelik onderneem om alles wat Job gehad het, te vernietig, insluitende sy seuns en dogters. In die vernietiging wat gevolg het, het die Satan hom gewend tot die gebruik van vyandelike stropers "die Sabeërs" (vers 15) en die "Chaldeërs" (vers 17), "die vuur

van God ... van die hemel" (vers 16), en “'n groot wind oor die woestyn” (vers 19).

Terwyl dit duidelik is in die boek Job wie die vernietiger is, word baie lesers steeds ontsteld oor Job se lyding, omdat dit verkeerdelik aanvaar word dat God Satan *toegelaat* het om Job aan te val. Daar word aanvaar dat, aangesien God almagtig is, moes Hy Satan se aanval op Job verhoed het. God se mag was egter nooit die relevante kwessie op die spel nie; dit was nog altyd en sal altyd oor God se beginsels van Sy regering wees – is God konsekwent om Sy intelligente skepsels vryheid te gee of is Hy nie? Vryheid, om vry *te wees*, moet onherroeplik wees; wat beteken dat dit onveranderlik is en nie herroep kan word nie – ongeag die omstandighede.

In die geval van Job was daar ook iets anders op die spel behalwe God se reputasie – ons planeet. Satan was besig om te poog om ons wêreld (vyandelik besette gebied) as sy eie soewereine koninkryk te beset: "Toe vra die HERE vir die Satan: Waar kom jy vandaan? En die Satan antwoord die HERE en sê: Van ‘n swerftog oor die aarde, wat ek deurkruis het." (Job 1:7).

As ons die vrymoedigheid neem om mooi tussen die lyne te lees, het Satan in wese aan God gesê: "Ek het die hele aarde rondgegaan en dit lyk asof ek eenstemmig ondersteuning vir my saak het; ek eis my reg op absolute heerskappy op die aarde." Reg deur die daaropvolgende drama het God (gelukkig) een stap voor Satan gebly – God het Sy getroue dienaar geken. Job was getrou aan God ondanks die lyding van die tweede mees bose sataniese aanval wat in die Bybel aangeteken is. Teen die einde het God Job se lewe bewaar en "die lot van Job verander toe hy vir sy vriende gebid het" (Job 42:10), wat eintlik in 'n gevaarliker posisie as Job self verkeer het – hulle het God nie *geken* nie.

Die boek Job gee ons insig in die geestelike stryd wat vandag tussen God en die magte van die duisternis voortduur. Wanneer ons iets van die onbegryplik komplekse interaksie van verskeie karakters met elk ‘n vrye wil, kan visualiseer (iets wat God duidelik kan sien), sal

ons begin om die omvang van die uitdaging wat Hom in die gesig staar, te waardeer.

Ons as intelligente wesens is nie alleen in ons wêreld nie. Daar is talle geestelike wesens wat ons ruimte met ons deel – Satan en sy leër van gevalle engele. Gegewe ons individuele selfsugtige natuur en dié van die demoniese entiteite, is ons aarde daagliks die verhoog vir verskeie botsings van selfgesentreerde vrye wil. Wat ons besonder moeilik verstaan, is hoe Satan en sy demoniese leër God kan verhinder of weerstaan.

Dit kan vir ons onrusbarend wees as ons besef dat God nie absolute beheer en gesag oor alles op ons planeet het nie. God het egter geen begeerte om ons individuele lewens te beheer nie, en dit is ook nie in Sy natuur om dit te doen nie; Hy het ons geskape om vrye intelligente wesens te wees – nie marionette nie.

In die begin van die boek Job word drie sentrale deelnemers in aanskoue gebring: God, Satan en Job. Aan die einde van die boek word Satan nie by naam genoem nie. Waarom sou hy afwesig wees by die kritiese afsluiting van hierdie monumentale ontmoeting met God?

Die laaste gedeelte van die veertigste en die hele een-en-veertigste hoofstuk van Job fokus op 'n geheimsinnige wese wat God na verwys as "leviátan" (seekoei/krokodil). Wat of wie is die leviátan? Verskaf die Bybel enige leidrade om ons te help om hierdie skepsel te identifiseer? "In dié dag sal die HERE met sy harde en groot en sterk swaard besoeking doen oor die Leviátan, die vinnige slang, en oor die Leviátan, die kronkelende slang; en Hy sal die draak doodmaak wat in die groot water is." (Jesaja 27:1). Na wie verwys die "vinnige slang", "die kronkelende slang" en "die draak… wat in die groot water is"? "En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp." (Openbaring 12:9). Kom ons ondersoek Job hoofstuk 40 en 41 met die oog daarop om die sataniese kenmerke te eien in die beskrywing van hierdie wese:

Kan jy die *krokodil* (seekoei v.10; Liviathan, Job 41:1, KJV) met ‘n hoek uittrek? En met ‘n tou sy tong afdruk? (21) Kan jy ‘n tou van biesies in sy neus sit? En sy kakebeen met ‘n haak deurboor? (22) *Sal hy jou baie smeek? Of met jou spreek in sagte woorde?* (23) *Sal hy ‘n verbond met jou sluit, dat jy hom vir altyd as slaaf aanneem?* (24) *Sal jy met hom soos met ‘n voëltjie speel? En hom vasbind vir jou meisiekinders?* (25) Sal die viskopers met hom handel drywe, hom verdeel onder die koopmans? (26) Kan jy sy vel vol skerp ysters steek, en met ‘n vissersharpoen sy kop? (27) *Sit jou hand op hom; dink aan die geveg; jy sal dit nie weer doen nie.* (28) *Kyk, elke hoop kom bedroë uit: sal ‘n mens nie reeds by die sien van hom neerslaan nie?* (1) *NIEMAND is so vermetel, dat hy hom durf terg nie; wie is hy dat wat voor My sou standhou?* (2) Wie het eerste aan My gegee, dat Ek hom moet vergelde? Wat onder die ganse hemel is, is myne. (3) Ek wil nie swyg oor sy lede en hoe dit staan met sy kragsvolheid en die skoonheid van sy uitrusting nie. (4) *Wie het die boonste van sy pantser opgelig?* In sy dubbele gebit – wie kan daarin deurdring? (5) Die deure van sy gesig – wie het dit geopen? Rondom sy tande is verskrikking. (6) *‘n Voorwerp van trots is die groewe van die skilde, verseël met ‘n vaste seël*. (7) *Die een is so naby die ander, dat die wind daar nie tussenin kan kom nie*. (8) Hulle kleef aanmekaar, hou aanmekaar vas, onafskeibaar. (9) Sy genies laat lig skitter, en sy oë is soos die ooglede van die dageraad. (10) *Uit sy mond kom fakkels, spat vuurvonke uit*. (11) *Uit sy neusgate kom rook, soos uit ‘n kokende pot met biesiesvuur daarby*. (12) *Sy asem laat kole ontvlam, en ‘n vlam gaan uit sy mond*. (13) *In sy nek woon sterkte, en voor hom uit spring ontsteltenis*. (14) Die klompe van sy vleis is vas aanmekaar, aan hom vasgegiet, onbeweeglik. (15) *Sy hart is hard soos ‘n klip, ja, hard soos die onderste meulsteen*. (16) *As hy hom oplig, word die magtiges bang; van verbystering raak hulle buite hulself*. (17) *Raak*

> *iemand hom met die swaard – dit hou nie stand nie; geen spies, lans of assegaai nie*. (18) *Yster is vir hom soos strooi; koper soos hout wat vergaan het*. (19) *Die pyl laat hom nie vlug nie; slingerstene word vir hom soos stoppels*. (20) *Knopkieries is vir hom soos stoppels, en hy lag oor die gesuis van die lans*. (21) Onderaan hom is spits skerwe: hy sprei ‘n ware dorsslee uit op die modder. (22) *Hy laat die diepte kook soos ‘n pot;* die waterplas maak hy soos ‘n kokende salfpot. (23) *Agter hom verlig hy die pad:* ‘n mens sou die watervloed aansien vir grys hare. (24) *Sy gelyke is daar op die aarde nie, die skepsel sonder vrees*. (25) *Hy kyk alles aan wat hoog is; hy is koning oor al die trotse roofdiere*. (Job 40:20 – 41:25, klem bygevoeg)

God gebruik simboliese taal in hierdie hoofstukke om 'n vyand so kragtig en sonder simpatie te beskryf dat ons magteloos is om hierdie antagonis self te beveg. God is besig met 'n intense konflik met die mees formidabele vyand denkbaar, maar tog is God absoluut toegewyd om hierdie stryd namens ons te veg sonder om op enige tydstip of onder enige omstandighede gebruik te maak van geweld.

Satan het God laat blyk te wees soos hyself is: kwaad, wraaksugtig, onvergewensgesind, gewelddadig, wetties, veroordelend en veeleisend, terwyl hy terselfdertyd vir ons blyk te wees “'n engel van die lig" (2 Korinthiërs 11:14), maar God sien duidelik wat ons nie kan sien nie – hoe vaardig die bedrieër in sy kunstige taktieke is.

Met hierdie simboliese beskrywing van God se antagonis kan ons 'n mate van begrip kry vir die daaglikse stryd waarin God vir elkeen van ons toetree. God tree tussenbeide om Sy kinders van leed te beskerm wanneer Satan sy grense in sy wanhoop oorskrei om diegene wat reageer op die Heilige Gees, te verhinder of te vernietig. Party van hierdie ingrypings kan ons duidelik sien, maar ongelukkig is die meeste verskans. Gevolglik sal God daagliks geblameer word vir die lyding wat ons in ons wêreld sien. Hopelik sal die ervaring van Job ons help om te besef dat God *nie* elke ongeluk, elke onheil, elke siekte of

elke dood kan verhoed en terselfdertyd die vrye wil van Sy intelligente wesens eerbiedig nie.

Daar is iets anders wat God duidelik sien. Net Hy is selfbestaande – *Satan is nie*. Satan is 'n geskape wese wat boosheid verkies, terwyl boosheid absoluut afhanklik is van die goeie vir sy bestaan. *Wanneer* alle intelligente wesens in die heelal hierdie waarheid verstaan, in die konteks van die openbaring oor God se betroubaarheid, sal Hy Satan, die bron van boosheid, toelaat om selfvernietigend te wees; wat kan regverdiger as dit wees?

> *Wees nie bevrees nie, want Ek is met jou; kyk nie angstig rond nie, want Ek is jou God. Ek versterk jou, ook help Ek jou, ook ondersteun Ek jou met my reddende regterhand.*
>
> —Jesaja 41:10

## 10

## Hoekom Ons Die Bybel Verkeerd Lees

Die Bybel is nie geskryf deurdat God dit gedikteer het nie, “maar, deur die Heilige Gees gedrywe, het die heilige mense van God gespreek." (2 Petrus 1:21). Die Bybel is deur mense geskryf wat hul eie woorde gebruik het, binne die konteks van die kultuur, agtergrond en persoonlikheid van elke individuele skrywer.

Waarom lyk dit dikwels in die Bybel dat God *wel* 'n vernietiger is? Om hierdie vraag te beantwoord, sal dit nuttig wees om eers na die godsdienstige kultuur van die antieke Bybellande te kyk. Een ding is duidelik – die Israelitiese mense, die hoofkarakters van die Bybel se verhaal, was omring deur die invloed van afgodery. Ten spyte van eenvoudige waarskuwings om afgodery te vermy, is hulle voortdurend beïnvloed deur die afgodspraktyke van hul buurlande. Die Israeliete se begrip van God was deur die heersende kultuur verdraai.

God het verlang om Homself aan die mense te openbaar. Om die heerlikheid van Sy karakter ten volle aan hulle te openbaar, sou hulle egter verder van Hom af dryf het. God het afgedaal tot op die vlak van die mense wat Hy wou bereik, en Hy moes hul taal praat om dit te doen. Hy was bereid om misverstaan te word in Sy interaksie met die Israelitiese mense, om hulle te red van selfvernietiging.

Verder het die mense, onder demoniese invloed, in die antieke Bybellande gode geskep wat gewelddadig was en maklik kwaad geword het. Hulle het geglo dat die rampe wat hulle gely het, deur hierdie bose gode veroorsaak is. Gevolglik het die mense vir hulle offers gebring om hulle woede te paai en in godsdienstige seremonies voor hulle neergebuig.

In die Ou Testament word relatief min melding gemaak van Satan, die wese wat *regtig* blameer moet word vir die lyding en dood in ons wêreld. As Satan geïdentifiseer sou word as die een wat

verantwoordelik was vir die rampe wat die mense gely het, sou hul aandag eerder op hom as God gewees het. Die Israeliete sou Satan as nog ‘n god beskou het, wie indrukwekkende mag oor die magte van die natuur gehad het. Dit sou hulle daartoe lei om offers aan hom te bring, en sodoende sou hulle Satan in plaas van God aanbid het.

God het probeer om dit te voorkom deur toe te laat dat Hy beskou word as die bron van nie net die goeie dinge wat die mense ontvang het nie, maar ook die *slegte* dinge. God was meer besorg oor die mense en die invloed wat 'n vroegtydige onthulling van die eintlike vernietiger se identiteit op hulle sou hê as wat Hy oor Sy eie reputasie was. Selfs met hierdie onbaatsugtige genade aan God se kant, het die volk steeds hulde gebring aan demoniese entiteite deur afgodsdiens: "Hulle het aan die duiwels geoffer, wat nie-God is… nie" (Deuteronómium 32:17).

Die antieke Israeliete was nie gereed vir 'n duidelike openbaring van God se sagmoedige en liefdevolle karakter nie. Hulle sou God heeltemal verwerp het as Hy na hulle gekom het soos wat Hy werklik is – in onselfsugtige liefde. Hulle wou 'n god hê wat vir hulle sou veg en geweld teen hul vyande gebruik. Die Israeliete wou 'n god hê wat *soos hulle* was. In plaas daarvan om die waarheid te aanvaar dat "God… die mens geskape [het] na sy beeld" (Genesis 1:27), was hulle vasberade om *God in hul eie beeld te skep*. Dit gee aan ons (as ons bereid is om dit in aanmerking te neem) ‘n begrip van hoe die mensdom hoofsaaklik deur al die eeue, tot vandag toe, God aanskou.

## 11

## Waarom Ons God Misverstaan

Toe God onder ons gewandel het, was Hy nie deur die godsdienstige instellings erken of verwelkom nie:

> En terwyl hulle weggaan, bring die mense 'n stom man wat van die duiwel besete was, na Hom toe. (33) En nadat die duiwel uitgedryf was, het die stomme gepraat. En die skare het hulle verwonder en gesê: So iets is nog nooit in Israel gesien nie! (34) *Maar die Fariseërs het gesê: Deur die owerste van die duiwels dryf Hy die duiwels uit.* (35) En Jesus het by al die stede en dorpe rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees. (Matthéüs 9:32-35, klem bygevoeg)

Die volgende woorde van Jesaja is baie goed van toepassing op diegene wat Jesus daarvan beskuldig het dat Hy in Satan se liga is: "Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat die duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter. (21) Wee hulle wat in eie oë wys en na eie oordeel verstandig is." (Jesaja 5:20-21).

> Hy was in die wêreld, en die wêreld het deur Hom ontstaan, en die wêreld het Hom nie geken nie. (11) Hy het na sy eiendom gekom, en sy eie mense het Hom nie aangeneem nie. (Johannes 1:10-11)

Hierdie gedeelte verwys nie net na antieke geskiedenis nie. God bly steeds onherkenbaar, misverstaan en onbekend. Ons verstaan God

verkeerd as gevolg van ons geneigdheid om verkeerdelik aan te neem dat Hy net so selfgesentreerd is soos ons:

> Maar die natuurlike mens neem die dinge van die Gees van God nie aan nie; want dit is vir hom dwaasheid, en hy kan dit nie verstaan nie, omdat dit geestelik beoordeel word. (1 Korinthiërs 2:14)

Die menslike ras is aangetrokke tot eksterne godsdiens. In plaas daarvan, wat ons eintlik nodig het, is om ons selfsug vir God se liefde te verruil. Die gedagte om selfsug af te staan, hou ‘n bedreiging in vir die "natuurlike mens." Eksterne godsdiens *lyk* baie veiliger, maar hierdie soort veiligheid is 'n verraderlike illusie; eksterne godsdiens word dikwels gebruik om weg te kruip van God.

> Toe kom die Fariseërs na Hom [Jesus] om Hom te versoek, en sê vir Hom: Is dit ‘n man geoorloof om oor allerhande redes van sy vrou te skei? (4) En Hy antwoord hulle en sê: Het julle nie gelees dat Hy wat hulle gemaak het, hulle van die begin af man en vrou gemaak het nie, (5) en gesê het: Om hierdie rede sal die man sy vader en sy moeder verlaat en sy vrou aankleef, en hulle twee sal een vlees wees; (6) sodat hulle nie meer twee is nie, maar een vlees? Wat God dan saamgevoeg het, mag geen mens skei nie. (7) Hulle sê vir Hom: Waarom het Moses dan beveel om ‘n skeibrief te gee en van haar te skei? (8) Hy antwoord hulle: Omdat Moses weens die hardheid van jul harte julle toegelaat het om van julle vroue te skei; maar van die begin af was dit nie so nie. (Matthéüs 19:3-8)

Baie van die Ou Testament weerspieël God se pogings om nader aan mense met verharde harte te kom. God word verkeerd verstaan in die Skrifgedeeltes waar Hy die wil van die volk geakkommodeer het, eerder as om hulle saak as hopeloos te laat vaar. Ons is diegene wat

gebrek aan medelye het – *nie God nie*. Tog lees ons altyd God se interaksie met genadelose mense in die Ou Testament, verkeerd. Gevolglik beskuldig ons God daarvan om slawerny en veelwywery goed te keur, oorloë van oorwinning aan te moedig, volksmoord te beveel en streng straf vir wetteloses te verklaar. Ons maak hierdie beskuldigings, omdat ons nie die omvang van die probleem, wat verband hou met menslike harte wat verhard is, verstaan nie, iets waarmee God voortdurend in Sy interaksie met antieke Israel gekonfronteer was.

Jesus, in die bergpredikasie, het die wet opgehef en dit 'n praktiese toepassing gegee wat op die wet van liefde gebaseer is:

> Julle het gehoor dat daar gesê is: Oog vir oog en tand vir tand. (39) Maar Ek sê vir julle dat julle ‘n slegte mens nie moet weerstaan nie; maar as iemand jou op jou regterwang slaan, draai ook die ander een na hom toe. (40) En hy wat met jou na die gereg wil gaan en jou onderkleed wil neem, laat hom ook die bo-kleed kry. (41) En elkeen wat van jou een myl afdwing, loop met hom twee myl saam. (42) Gee aan hom wat jou iets vra, en wys hom nie af wat van jou wil leen nie. (Matthéüs 5:38-42)

In hierdie woorde het Jesus God se volmaakte wil uiteengesit in teenstelling met Sy aanpassing na die wil van mense met verharde harte.

> En Jesus sê vir hulle: As God julle Vader was, sou julle My liefhê, want Ek het uit God uitgegaan en gekom; want Ek het ook nie uit Myself gekom nie, maar Hy het My gestuur. (43) Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle na my woord nie kan luister nie. (44) *Julle het die duiwel as vader*, en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was ‘n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die

> waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan. (45) Maar omdat Ek die waarheid spreek, glo julle My nie. (46) Wie van julle oortuig My van sonde? En as Ek die waarheid spreek, waarom glo julle My nie? (47) Die wat uit God is, luister na die woorde van God. Daarom luister julle nie, omdat julle nie uit God is nie. (48) Die Jode antwoord toe en sê vir Hom: Sê ons nie met reg dat U ‘n Samaritaan is en van die duiwel besete is nie? (Johannes 8:42-48, klem bygevoeg)

Jesus het aan die godsdienstige leiers gesê: "Julle het die duiwel as vader." Hulle vader was die duiwel, omdat hulle die duiwel se verwronge beeld van God geërf het en enige verandering van die prentjie weerstaan het.

> En bokant sy hoof het hulle sy beskuldiging in skrif opgestel: DIT IS JESUS, DIE KONING VAN DIE JODE. (38) Toe word daar saam met Hom twee rowers gekruisig, een aan die regter- en een aan die linkerkant. (39) En die verbygangers het Hom gesmaad terwyl hulle hul hoofde skud (40) en sê: U wat die tempel afbreek en in drie dae opbou, red Uself! *As U die Seun van God is,* kom af van die kruis! (41) En so het ook die owerpriesters saam met die skrifgeleerdes en ouderlinge gespot en gesê: (42) Ander het Hy verlos, Homself kan Hy nie verlos nie. *As Hy die Koning van Israel is*, laat Hom nou van die kruis afkom, en ons sal in Hom glo. (43) Hy het op God vertrou; laat Hy Hom nou verlos *as Hy behae in Hom het*; want Hy het gesê: Ek is die Seun van God. (Matthéüs 27:37-43, klem bygevoeg)

Diegene wat Jesus aan die kruis bespot het, het dieselfde insinuasie gebruik wat Satan in die woestyn gebruik het om Christus te versoek: "As U die Seun van God is" (Matthéüs 4:3).

> En niemand gooi nuwe wyn in ou leersakke nie; anders sal die nuwe wyn die sakke skeur, en dit sal uitloop, en die sakke sal vergaan. (38) Maar nuwe wyn moet in nuwe sakke gegooi word, en altwee word saam behou. (Lukas 5:37-38)

Jesus vergelyk in hierdie analogie Sy radikale nuwe leer van "nuwe wyn" wat "ou leersakke" laat skeur. Jesus het deur woord en voorbeeld 'n duidelike beeld geskets van God se liefde wat in skerp kontras met die *verdraaide prentjie van God* (die "ou wyn") is, wat, soos Hy ondervind het, deur die godsdienstige kundiges (die "ou leersakke") gehou word. Hierdie twee kontrasterende sienings kon nie saamgevoeg word nie. So is dit vandag. In ons denke moet die beeld van 'n gewelddadige God verdwyn om plek te maak vir ons sagmoedige God.

## 12

# Hoe God Vernietig

Een van die duidelikste voorbeelde van *hoe* God vernietig, word in die boek 1 Kronieke gevind. Saul, die koning van Israel, het God se raad verontagsaam wat deur die profeet Samuel aan hom oorgedra was om van sy vernietigende koers weg te draai. Saul het verskeie pogings aangewend om Dawid, sy lojale dienaar, dood te maak. Hy was ook skuldig aan die moord op die priesters van Nob, en hy het raad gevra by 'n heks. Saul was gewond in 'n geveg met die Filistyne, en hy was vreesbevange vir wat sou gebeur as hy gevang word. In sy wanhoop het “Saul die swaard [geneem] en [daarin][ge]val" (1 Kronieke 10:4).

Let op hoe die Bybel hierdie tragiese verslag van Saul se dood afsluit:

> En Saul het gesterwe weens ontrou wat hy teen die HERE begaan het, weens die woord van die HERE wat hy nie gehou het nie; en ook omdat hy die gees van ‘n afgestorwene om inligting gevra het, (14) maar die HERE nie geraadpleeg het nie. Daarom het Hy hom omgebring en die koningskap laat oorgaan op Dawid, die seun van Isai. (1 Kronieke 10:13-14)

Dit is duidelik dat, in die dood van Saul, die enigste *aksie* wat ons God sien neem het, is om Saul toe te laat om sy eie weg in te slaan en die gevolge van sy dade te ervaar. Die oorsaak van Saul se dood was selfmoord, nie manslag nie, en tog sê die Bybel dat God hom *omgebring* het. Die woord wat hier gebruik word om te beskryf wat God gedoen het, is beslis anders as die woordeboekdefinisie. Dit is nie 'n geïsoleerde voorbeeld nie. In die volgende hoofstuk word woorde in die Bybel soos woede, toorn en jaloers ondersoek. Die Skrif gee hierdie

woorde 'n heeltemal ander betekenis wanneer hulle na God se weë en God se gedagtes verwys.

> *Soek die HERE terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is. Laat die goddelose sy weg verlaat en die kwaaddoener sy gedagtes; en laat hy hom tot die HERE bekeer, dan sal Hy hom barmhartig wees; en tot onse God, want Hy vergeef menigvuldiglik. Want my gedagtes is nie julle gedagtes nie, en julle weë is nie my weë nie, spreek die HERE. Want soos die hemel hoër is as die aarde, so is my weë en my gedagtes as julle gedagtes.*
>
> —Jesaja 55:6–9

# 13

## Wat is die Toorn van God?

Die kwessie van God se toorn kan verwarrend wees wanneer ons die Ou Testament lees. Daar is baie verwysings na God se toorn en woede, maar wat *is* sy toorn? Om hierdie vraag te beantwoord, sal 'n paar voorbeelde in die Bybel die nodige insig kan verskaf. Die eerste melding van God se toorn was toe Hy Moses beveel het om die kinders van Israel uit Egiptiese slawerny na vryheid te lei. Wat was die omstandighede wat God gedwing het om Sy toorn op daardie tydstip te openbaar?

> Toe sê Moses aan die HERE: Ag, Here, ek is nie 'n man van woorde nie – van gister of van eergister of vandat U met u kneg gespreek het nie; want ek is swaar van mond en swaar van tong. (11) En die HERE antwoord hom: Wie het vir die mens die mond gemaak, of wie maak stom of doof, of siende of blind? Is dit nie Ek, die Here, nie? (12) Gaan dan nou heen, en Ek sal jou mond wees en jou leer wat jy moet sê. (13) Maar hy sê: Ag, Here, stuur tog deur wie U wil stuur. (Exodus 4:10-13)

Moses was bang om alleen voor Farao te gaan en het 'n woordvoerder gesoek. Hoe het God gereageer?

> Toe ontvlam die toorn van die HERE teen Moses, en Hy sê: Is jou broer Aäron, die Leviet, nie daar nie? Ek weet dat hý goed kan praat. En hy gaan ook al uit om jou te ontmoet, en as hy jou sien, sal hy bly wees in sy hart. (Exodus 4:14)

Hoe is God se toorn uitgedruk? Deur Moses te gee wat hy wou hê. Kom ons kyk na ander Bybelgedeeltes met verwysings na God se toorn:

> En die gemengde bevolking wat onder hulle was, is met lus bevang. Toe het die kinders van Israel ook weer geween en gesê: Wie sal vir ons vleis gee om te eet? (10) Toe het Moses die volk, volgens hulle geslagte, elkeen by die deur van sy tent hoor ween; en die toorn van die HERE het grootliks ontvlam; ook was dit verkeerd in die oë van Moses. (31) Toe het 'n wind wat van die HERE kom, uitgevaar en kwartels van die see af oorgedrywe en op die laer gestrooi omtrent 'n dagreis hier en omtrent 'n dagreis daar, rondom die laer; en hulle was omtrent twee el bokant die grond. (32) Toe het die volk opgestaan daardie hele dag en die hele nag en die hele volgende dag en die kwartels versamel. Hy wat die minste gehad het, het tien homer versamel. En hulle het dit oral vir hulle uitgesprei rondom die laer. (Númeri 11:4, 10, 31, 32)

In hierdie voorval vind ons weer dat God se toorn genoem word. Wat het Hy gedoen? Hy het die mense gegee wat hulle wou hê.

> EN toe Samuel oud was, het hy sy seuns as rigters oor Israel aangestel. (2) Die naam van sy eersgeborene was Joël, en die naam van sy tweede Abía, rigters in Berséba. (3) Maar sy seuns het nie in sy weë gewandel nie; hulle het onregverdige wins agternageloop en omkoopgeskenke aangeneem en die reg verdraai. (4) Toe kom al die oudstes van Israel bymekaar, en hulle gaan na Samuel in Rama (5) en sê vir hom: Kyk, u is oud, en u seuns wandel nie in u weë nie; stel nou 'n koning oor ons aan om ons te rig soos by al die nasies. (6) Maar die woord was verkeerd in die oë van Samuel toe hulle gesê het: Gee ons 'n koning om ons te rig, en Samuel het tot die HERE gebid. (7)

> Toe sê die HERE vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie. (1 Samuel 8:1-7)

God het 'n boodskap aan die volk gestuur deur Sy profeet Samuel, wie baie redes aangevoer het waarom dit *nie* in hulle beste belang sou wees dat Hy hul versoek vir 'n koning sou toestaan nie. Het hulle na Samuel geluister?

> Maar die volk het geweier om na Samuel te luister en gesê: Nee, maar daar moet ‘n koning oor ons wees, (20) dat ons ook kan wees soos al die nasies – dat ons koning ons kan rig en voor ons uit trek en ons oorloë voer. (1 Samuel 8:19-20)

Hoe het God gereageer op die mense se aandrang? "Toe sê die HERE vir Samuel: Luister na hulle en stel ‘n koning oor hulle aan." (vers 22). Hoe weet ons dat God vir hulle 'n koning in toorn gegee het? Die profeet Hosea gee ‘n terugblik op hierdie historiese gebeurtenis, wat aan ons die perspektief van God se kant gee in die rol wat Hy gespeel het toe Hy aan die volk se versoek toegegee het:

> Dit is jou verderf, o Israel, dat jy teen My, jou helper, is. (10) Waar is nou jou koning, dat hy jou kan verlos in al jou stede, en jou regters van wie gesê het: Gee my ‘n koning en vorste? (11) *Ek gee jou ‘n koning in my toorn*, en Ek neem hom weg in my grimmigheid. (Hoséa 13:9-11, klem bygevoeg)

Hierdie drie skrifgedeeltes toon duidelik dat God se toorn sinoniem was daarmee dat Hy die Israelitiese mense gegee het wat hulle wou hê, terwyl dit nie in hulle beste belang was dat Hy dit moes doen nie. Dit behoort genoeg te wees om te suggereer dat God se toorn uit die Bybel gedefinieer kan word as beslis iets anders as die definisie

wat in die woordeboek voorkom. Daar is egter baie meer hieraan. Wat het gebeur toe Jesus toornig geword het?

> En Hy het weer in die sinagoge gegaan, en dáár was ‘n man met ‘n verdorde hand. (2) En hulle het Hom in die oog gehou, of Hy hom op die sabbat gesond sou maak, sodat hulle Hom kon aanklae. (3) En Hy sê vir die man met die verdorde hand: Staan op in hul midde. (4) Daarop sê Hy vir hulle: Is dit geoorloof om op die sabbat goed of kwaad te doen, ‘n lewe te red of dood te maak? Maar hulle het stilgebly. (5) En nadat Hy hulle rondom met toorn aangekyk het en tegelykertyd bedroef was oor die hardheid van hulle hart, sê Hy vir die man: Steek jou hand uit! En hy het dit uitgesteek, en sy hand is herstel, gesond soos die ander een. (6) Toe gaan die Fariseërs uit en hou dadelik raad met die Herodiane teen Hom, sodat hulle Hom sou kan ombring. (Markus 3:1-6)

Hierdie is 'n ontmoeting tussen Jesus en die Fariseërs. Hul wettiese beperkings het genesing op die Sabbat verbied. Jesus het hul harte gelees, "Hy [het] hulle rondom met toorn aangekyk..." Watter soort toorn het Jesus gehad? Die soort wat beskryf word as "bedroef…oor die hardheid van hulle hart". Jesus het smart of diepe hartseer ondervind by die gebrek aan liefde en simpatie wat deur hierdie genadelose godsdienstige leiers getoon was teenoor die man met die verdorde hand. Wat meer kan ons in die Bybel ontdek oor God se toorn en woede?

> Want die *toorn van God word* van die hemel af *geopenbaar* oor al die goddeloosheid en ongeregtigheid van die mense wat in ongeregtigheid die waarheid onderdruk. (Romeine 1:18, klem bygevoeg)

*Hoe* word die toorn van God geopenbaar?

> Daarom het *God hulle ook* in die begeerlikhede van hulle harte *oorgegee* aan onreindheid… (Romeine 1:24, klem bygevoeg)

> Daarom het *God hulle oorgegee* aan skandelike hartstogte… (Romeine 1:26, klem bygevoeg)

> En omdat hulle dit nie die moeite werd geag het om God in erkentenis te hou nie, *het God hulle oorgegee* aan 'n slegte gesindheid… (Romeine 1:28, klem bygevoeg)

Hierdie woorde word die definisie van God se *toorn*: God "*het hulle oorgegee"* – met ander woorde, God gee die volk die vryheid om hulself van Hom te skei. Dis nie die toorn van wraakgierige verwoesting wat ons dikwels aan God toeskryf nie. Kom ons kyk na nog meer Ou Testamentiese gedeeltes.

> Toe het die volk opgestaan daardie hele dag en die hele nag en die hele volgende dag en die kwartels versamel. Hy wat die minste gehad het, het tien homer versamel. En hulle het dit oral vir hulle uitgesprei rondom die laer. (33) Die vleis was nog tussen hulle tande, voordat dit gekou was, toe die toorn van die HERE alreeds teen die volk ontvlam het, en die HERE het onder die volk 'n baie groot slagting teweeggebring. (Númeri 11:32-33)

Ons gaan hier terug na die verhaal van die kwartels wat God aan die mense gegee het in Sy toorn. Dit was 'n natuurlike nagevolg weens die mense se vraatsug: "die HERE het onder die volk 'n baie groot slagting teweeggebring."

Dit is die moeite werd om daarop te let dat tonne vars kwartelvleis nie lank sal hou in die woestynomgewing waar die Israeliete kamp opgeslaan het nie. Die vleis sou vinnig bederf, wat dit ongeskik sou maak vir menslike gebruik. Met oorweging van hierdie feit, watter

soort plaag sou waarskynlik uitbreek? Gegewe die regte mikrobe en die regte toestande, is voedselvergiftiging 'n dodelike ellende: "Daarom het hulle dié plek genoem Kibrot-Hattááwa, want daar het hulle die volk begrawe wat so begerig was" (vers 34). Wat was "die toorn van die HERE"? Volg dit nie redelikerwys om te sê dat God se toorn Sy *nie-ingryping* in 'n oorsaak-en-gevolg gebeurtenis was nie?

> Dan sal my toorn op dié dag teen hulle ontvlam, en Ek sal hulle verlaat en my aangesig vir hulle verberg, sodat hulle verteer word en baie onheile en node hulle oorkom. Dan sal hulle op dié dag sê: Het hierdie onheile ons nie oorgekom, omdat onse God nie onder ons is nie? (18) Maar Ek sal op dié dag my aangesig heeltemal verberg weens al die kwaad wat hulle gedoen het; want hulle het na ander gode afgewyk. (Deuteronómium 31:17-18)

Wat beteken dit wanneer God *Sy aangesig verberg*? "Het hierdie onheile ons nie oorgekom, omdat onse God nie onder ons is nie?" Dit is weer 'n taal wat God se nie-ingryping beskryf. Wat is die rede waarom God Sy aangesig verberg? "Weens al die kwaad wat hulle gedoen het; want hulle het na ander gode afgewyk." En wat sal die gevolg wees? "hulle [sal] verteer word en baie onheile en node [sal] hulle oorkom." Toe die mense na ander gode gedraai het, het hulle van die ware God weggedraai en kon Hy hulle nie van die onvermydelike gevolge beskerm nie.

> En die kinders van Israel het gedoen wat verkeerd was in die oë van die HERE: hulle het die Baäls gedien. (12) en die HERE, die God van hulle vaders, verlaat wat hulle uit Egipteland uitgelei het, en hulle het agter ander gode aan geloop, van die gode van die volke wat rondom hulle was, en hulle daarvoor neergebuig en die HERE geterg. (13) Maar toe hulle die HERE verlaat en die Baäl en die Astártes dien, (14) het die toorn van

> die HERE teen Israel ontvlam, en Hy het hulle oorgegee in die hand van rowers wat hulle beroof het; en Hy het hulle verkoop in die hand van hulle vyande rondom, sodat hulle nie meer kon standhou voor hulle vyande nie. (Rigters 2:11-14)

Hierdie gedeelte beskryf die volk se voortdurende afvalligheid van die Here. Hier het God “hulle oorgegee in die hand van rowers" en “Hy het hulle verkoop in die hand van hulle vyande." Dit is weer 'n passiewe reaksie op die krisis. As gevolg van hulle afvalligheid kon God nie verhoed dat Israel se vyande hul lande binnegeval het nie.

> En die HERE sal Israel slaan, soos ‘n riet in die water heen en weer beweeg, en sal Israel uitruk uit hierdie goeie land wat Hy aan hulle vaders gegee het, en hulle anderkant die Eufraat verstrooi, omdat hulle hul heilige boomstamme gemaak en die HERE geterg het. (16) En Hy sal Israel oorgee vanweë die sondes van Jeróbeam wat hy gedoen het en waarmee hy Israel laat sondig het. (1 Konings 14:15-16)

Hier *gee* God se toorn die afvallige Israel *oor*. God *slaan* hulle deur hulle *oor te gee*.

> En hulle het Hom geterg deur hul hoogtes en deur hul gesnede beelde sy jaloersheid gewek. (59) God het dit gehoor en toornig geword, en Hy het Israel heeltemal verwerp. (60) En Hy het die tabernakel in Silo prysgegee, die tent wat Hy opgeslaan het onder die mense. (61) En Hy het sy sterkte oorgegee in gevangenskap en sy heerlikheid in die hand van die teëstander. (62) En Hy het sy volk oorgelewer aan die swaard en toornig geword op sy erfdeel. (Psalms 78:58-62)

Die definisie van toorn behels: *verwerping*, *prysgee*, *oorlewering in gevangeneskap* en *oorgawe*.

> Toe het die toorn van die HERE ontvlam teen Sy volk, en Hy het 'n afsku gekry van sy erfdeel. (41) En Hy het hulle in die hand van die heidene gegee, en hulle haters het oor hulle geheers. (Psalms 106: 40-41)

God se toorn word hier beskryf deur "hulle in die hand van die heidene [te]..gee."

> In 'n uitstorting van toorn het Ek vir 'n oomblik my aangesig vir jou verberg, maar met ewige goedertierenheid ontferm Ek My oor jou, sê die HERE, jou Verlosser. (Jesaja 54:8)

In hierdie gedeelte word "'n uitstorting van toorn" gedefinieer deurdat God "'n oomblik" Sy gesig verberg, maar God se goedertierenheid en genade teenoor ons is ewig.

> En Ek sal julle van my aangesig wegwerp soos Ek al julle broers, die hele geslag van Efraim, weggewerp het. (19) Terg hulle Mý? Spreek die HERE. Doen hulle dit nie aan hulleself tot beskaming van hul aangesig nie? (20) Daarom, so sê die Here HERE: Kyk, my toorn en my grimmigheid sal uitgestort word oor hierdie plek, oor die mense en oor die diere en oor die bome van die veld en oor die vrugte van die land; en dit sal brand en nie uitgeblus word nie. (Jeremia 7:15, 19-20)

God vra: "Terg hulle Mý? ... Doen hulle dit nie aan hulleself tot beskaming van hul aangesig nie?" Die mense se probleme is veroorsaak *as gevolg van* hul afgodery, nie as straf van God nie.

> Skeer jou mooi hare af, o Jerusalem, en gooi dit weg, en hef op die kaal heuwels 'n klaaglied aan; want die HERE het *die geslag van sy grimmigheid verwerp en verstoot*. (Jeremia 7:29, klem bygevoeg)

Daar is nog Bybelgedeeltes wat soortgelyke terminologie gebruik, maar hierdie waarna ons gekyk het, behoort voldoende te wees om 'n afdwingbare saak te maak dat God se toorn *nooit* straf van Hom af is nie. God gee ons die vryheid om Hom te aanvaar of om Hom te verwerp. God se toorn is die natuurlike gevolge van ons verkeerde keuses, wanneer Hy gedwing word om ons toe te laat om ons eie wil te verkry. God se rol is altyd 'n passiewe een wat na verwys word as *verlatenheid*, *verberg Sy aangesig*, *gee oor*, *laat gaan*, *oorlewering* en soortgelyke terminologie.

In Sy proklamasie voor Moses het God nie *woede* of *toorn* as Sy karaktereienskappe genoem nie: "En toe die HERE by hom verbygaan, het Hy geroep: HERE, HERE, barmhartige en genadige God, lankmoedig en groot van goedertierenheid en trou; (7) wat die goedertierenheid bewaar vir duisende, wat ongeregtigheid en oortreding en sonde vergewe…" (Exodus 34:6-7).

> En die volk het teen God en teen Moses gespreek: Waarom het U ons uit Egipte laat optrek om in die woestyn te sterwe? Want daar is geen brood en geen water nie, en ons siel walg van die ellendige kos. (6) Toe stuur die HERE giftige slange onder die volk wat die volk gebyt het, en baie mense uit Israel het gesterwe. (Númeri 21:5-6)

Hierdie gedeelte vertel ons "die HERE [het] giftige slange onder die volk [gestuur]" in reaksie op hul klagtes. Uit die skriftuurlike getuienis waarna ons tot dusver gekyk het, wat sou God se optrede wees toe Hy die slange ge"stuur" het? In ooreenstemming met die ander Bybelgedeeltes wat ons ondersoek het, was God gedwing, deur die volk se rebelse ondankbaarheid, om hulle vry te laat *van* Sy beskermende ingryping aan hulle.

Hoe het die giftige slange in die eerste plek daar gekom? "[Die HERE jou God] wat jou deur die groot en vreeslike woestyn gelei het, *deur giftige slange* en skerpioene en ‘n dorsland sonder water, wat vir

jou water uit die klipharde rots laat kom het" (Deuteronómium 8:15, klem bygevoeg).

Die giftige slange was nog altyd daar as een van vele gevare waarvan God die Israeliete wonderbaarlik beskerm het in daardie moeilike woestyn-omgewing. Hierdie afrekening van God, deur die giftige slange te stuur, sou net problematies gewees het as God in plaas daarvan honger ysbere gestuur het.

Daar is baie verhale in die Bybel wat gaan oor God wat invallende leërs of een of ander ramp teen die mense stuur. Met hierdie begrip kan ons redelik tot die gevolgtrekking kom dat in elke skriftelike gebeurtenis waarin God iets skadelik *gestuur* het, beteken dit dat God nie kon verhoed dat dit plaasvind sonder om 'n manipuleerder van oorsaak-en-gevolg te wees nie. Dit is nie God se doel nie, en ook nie in Sy natuur om beheer oor menslike aangeleenthede uit te oefen nie.

> Toe het die HERE geywer vir sy land en sy volk verskoon. (19) En die HERE het geantwoord en aan sy volk gesê: Kyk, Ek stuur vir julle koring en mos en olie, sodat julle daarvan versadig word, en Ek maak julle nie meer tot ‘n voorwerp van smaad onder die nasies nie. (Joël 2:18-19)

> Daarop sê die engel wat met my gespreek het: Roep en sê: So spreek die HERE van die leërskare: Ek ywer oor Jerusalem en oor Sion met ‘n groot ywer. (Sagaria 1:14)

> Want ek is jaloers oor julle met ‘n goddelike jaloersheid, want ek het julle aan een man verbind, om julle as ‘n reine maagd aan Christus voor te stel. (3) Maar ek vrees dat, net soos die slang Eva deur sy listigheid bedrieg het, julle sinne so miskien bedorwe kan raak, vervreemd van die opregtheid teenoor Christus. (2 Korinthiërs 11:2-3)

God se jaloesie is heeltemal onselfsugtig. God is jaloers ter wille van ander, nooit ter wille van Homself nie.

> En die toorn van die HERE het weer teen Israel ontvlam, en Hy het Dawid teen hulle aangehits en gesê: Gaan tel Israel en Juda. (2) Toe sê die koning vir Joab, die leërowerste, wat by hom was: Trek tog rond onder al die stamme van Israel, van Dan tot Berséba, en tel julle die volk, sodat ek die getal van die volk kan weet. (3) En Joab het aan die koning gesê: Ja, mag die HERE u God by die volk honderd maal meer byvoeg as wat hulle ook al is, en die oë van my heer die koning dit sien; maar waarom het my heer die koning behae in hierdie saak? (4) Maar die woord van die koning het die oorhand gehad oor Joab en die leërowerstes, en Joab het met die leërowerstes van die koning af uitgegaan om die volk Israel te tel. (2 Samuel 24:1-4)

Toe Dawid Israel getel het, het hy trots in homself en wantroue in God getoon deur na menslike getalle en militêre mag te kyk om Israel te beskerm. Dit het God se nie-gewelddadige beskerming effektief uitgesluit, en hulle kwesbaar gelaat vir hul vyande en ander bedreigings. Selfs die stryd-geharde Joab het gevaar gesien in die koning se versoek om Israel te tel en het dit bevraagteken.

God "het Dawid teen hulle aangehits." Kan daar 'n probleem wees om hierdie stelling te verstaan soos dit lees? Het God in Dawid se oor gefluister om Israel te tel, sodat Hy 'n goeie verskoning sou hê om teen hulle te draai? Kom ons kyk na hierdie vers in die lig van wat ons tot dusver oor die dade van God geleer het.

God neem nie 'n aktiewe rol in vernietiging in nie, en Hy wek ook nie kwaad op nie, maar daar is iemand anders wat dit doen. Is dit moontlik, in hierdie voorval, dat God Dawid "aangehits" het om Israel te tel deur nie te verhoed dat hy dit doen nie? Sal ons te ver gaan om voor te stel dat dit nie God is wat in Dawid se oor gefluister het nie,

maar Satan? Hoe kan ons weet? Ons kan lees oor dieselfde voorval in die boek 1 Kronieke: "Toe het *Satan* teen Israel opgetree en Dawid *aangehits* om Israel te tel" (1 Kronieke 21:1, klem bygevoeg).

Ons wonder dalk hoekom die Bybel nie net reguit praat en presies sê wat in elke ontmoeting in sy bladsye plaasgevind het nie; sou dit nie Bybelstudie grootliks vergemaklik het nie? Ja, dit sou. Die kommunikasie-probleem tussen God en die mensdom was egter nog nooit vanweë God se gebrek aan begrip nie, maar vanweë ons s'n. God, in Sy wysheid, gee aan ons die keuse om die waarheid oor Hom te aanvaar of te verwerp. Die Bybel is met hierdie belangrike beginsel in gedagte geskryf. Wanneer ons die geleentheid het om die reddende waarheid oor God te verstaan en ons verwerp dit, sal meer lig ons slegs verder van Hom dryf. Die Bybel se oënskynlike dubbelsinnigheid (op die oppervlak) maak dit moontlik om teenstrydige interpretasies te motiveer. Dit is nie in God se karakter om ons te oortuig, teen ons wil, om in Hom en Sy onwrikbare liefde te glo, nie. Terselfdertyd bied die Bybel oorvloedige bewyse vir diegene wie *op soek is* na ons sagmoedige God om Hom te vind.

*En julle sal My soek en vind as julle na My vra met julle hele hart.*

*—Jeremia 29:13*

## 14

# Hoe God Oorlog Voer

God voer oorlog teen die bose met waarheid, liefde, barmhartigheid en vergifnis.

> Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek. (1 Johannes 3:8)

Van die begin van sy opstand was die duiwel se werk om God te beskuldig en verkeerd voor te stel. Jesus, die Seun van God, het die duiwel se werk vernietig deur te demonstreer dat sy beskuldigings teen God 'n leuen was.

> Waarom ken julle my spraak nie? Omdat julle na my woord nie kan luister nie. (44) Julle het die duiwel as vader, en die begeerte van julle vader wil julle doen. Hy was ‘n mensemoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie. Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy ‘n leuenaar is en die vader daarvan. (Johannes 8:43-44)

Jesus bevestig dat die duiwel se primêre wapen sy gebruik van leuens is. Dit is "onmoontlik… dat God sou lieg" (Hebreërs 6:18); Hy bestry die duiwel se leuens met die waarheid.

> Trek die volle wapenrusting van God aan, sodat julle staande kan bly teen die liste van die duiwel. (12) Want ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die

> duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug. (13) Daarom, neem die volle wapenrusting van God op, sodat julle weerstand kan bied in die dag van onheil en, nadat julle alles volbring het, staande kan bly. (14) Staan dan vas, julle lendene met die waarheid omgord, met die borswapen van die geregtigheid aan, (15) en as skoene aan julle voete die bereidheid vir die evangelie van vrede. (16) Behalwe dit alles neem die skild van die geloof op waarmee julle al die vurige pyle van die Bose sal kan uitblus. (17) En neem aan die helm van verlossing en die swaard van die Gees – dit is die woord van God. (Efésiërs 6:11-17)

Jesus het vir ons die gebruik van die wapenrusting van God gedemonstreer: die goeie nuus van die waarheid oor God ("julle lendene met die waarheid omgord"), Sy vervulling van getrouheid van die verbond (die borswapen van geregtigheid), die boodskap van versoening aan ons Hemelse Vader (die evangelie van vrede), die versekering van God se betroubaarheid (die skild van die geloof) en die belofte van die ewige lewe aan diegene wat bevry word van slawerny aan Satan en sy leuens (die helm van verlossing). Ons word ook aangemoedig om dieselfde wapen te gebruik wat Jesus gebruik het – die Woord van God (die swaard van die Gees).

> Moenie julle wreek nie, geliefdes, maar gee plek vir die toorn; want daar is geskrywe: Aan My kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here. (20) As jou vyand dan honger het, gee hom iets om te eet; as hy dors het, gee hom iets om te drink, want sodoende sal jy op sy hoof vurige kole ophoop. (21) Laat jou nie deur die kwaad oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie. (Romeine 12:19-21)

*Wat* is God se wraak? Hy oorwin kwaad met goed, en Hy nooi Sy kinders om dieselfde te doen. Om ons vyande met vriendelikheid te

behandel eerder as met vergelding, word vergelyk met die ophoop van "vurige kole" op hul koppe. Om teen 'n vyand te baklei is om deur die bose oorwin te word. Daar *is* egter 'n manier om die bose doeltreffend te oorkom – "deur die goeie." Dit is God se manier om die stryd te voer.

> En Jesus sê: Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie… (Lukas 23:34)

Hierdie woorde van Jesus is tot ons voordeel. Die Vader het geen oorreding nodig om te vergewe nie. Die probleem is nie met God nie, maar met ons. Ons dink dat God soos ons is. Toe Jesus die woorde gespreek het, "Vader, vergeef hulle, want hulle weet nie wat hulle doen nie," het Hy nie net namens diegene gespreek wat Hom aan die kruis gehang het nie; Hy het ook namens *ons* gepraat. God wil hê ons moet weet dat Hy ons verknorsing verstaan (ons weet nie wat ons doen nie); Hy is steeds onvoorwaardelik lief vir ons en werk onvermoeid om ons te red.

> *Maar die vrug van die Gees is liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing. Teen sulke dinge is die wet nie.*
>
> — Galasiërs 5:22-23

## 15

# Sodom en Gomorra

Die vernietiging van Sodom en Gomorra word beskou as die klassieke voorbeeld van 'n toornige God wat die dood en vernietiging op goddelose mense laat reën. As ons die verhaal in die Bybel net soos dit is, lees, wat blyk te gebeur is die volgende: Die twee stede is geleë in 'n voorspoedige landbou- en handelsgebied, en die lewe word relatief maklik vir die inwoners. Die mense het baie vrye tyd en goddelose aktiwiteite word algemeen. God kyk uit die hemel neer en is vertoorn oor die omvang van hulle boosheid. Hy weerhou daarvan om enige aksie te neem vir 'n rukkie, maar die verdorwenheid word uiteindelik so erg dat God se geduld uitgeput raak. Hy stuur 'n waarskuwing aan die regverdige man Lot en sy gesin om Sodom te verlaat. Dan, in 'n skouspelagtige vertoning van toorn, laat God vuur en swawel uit die hemel reën. Mans, vroue en kinders ontmoet 'n verskriklike dood. Sodom en Gomorra word vernietig, en God se wraak is bevredig.

Kom ons kyk nou weer na dieselfde gebeurtenis met die begrip dat God nie 'n aktiewe rol in vernietiging speel nie. Stel die twee stede voor met die selfsugtige inwoners wat hulle voorspoed en plesier geniet: "Kyk, dit was die ongeregtigheid van jou suster Sodom: In trotsheid, oorvloed van brood en sorgelose rus het sy en haar dogters geleef, maar sy het die hand van die arme en behoeftige nie versterk nie." (Eségiël 16:49). Die mense is onbewus daarvan dat vulkaniese kragte onder hul stede (wat in 'n geologiese onstabiele gebied gebou is) opbou. Hulle is ook onbewus daarvan dat die onsigbare God, wie hulle verwerp, ook dieselfde God is wie tot op hierdie punt hulle van rampe beskerm het. Die dag kom uiteindelik wanneer God hul wens vir onafhanklikheid van Hom moet erken. Om hul vryheid te handhaaf, *laat* Hy hulle huiwerig gaan, onttrek sy beskerming en laat hulle oor

aan die kragte van die natuur, buite Sy beheer. Die skeure onder die aarde se oppervlak skeur opwaarts en spoeg gesmelte klip duisende voete in die lug op en reën neer soos "swawel en vuur… van die HERE uit die hemel" (Genesis 19:24), dit vernietig Sodom en Gomorra binne enkele minute.

God se *optrede* om die twee stede te vernietig, het die inwoners werklike vryheid gegee – insluitende die vryheid om keuses te maak met katastrofiese gevolge: "Ek neem vandag die hemel en die aarde as getuies teen julle; die lewe en die dood, die sëen en die vloek het ek jou voorgehou. Kies dan die lewe, dat jy kan lewe, jy en jou nageslag, deur die HERE jou God lief te hê, na sy stem te luister en Hom aan te hang; want dit is jou lewe en die lengte van jou dae…" (Deuteronómium 30:19-20).

Siekte, ongelukke, dood, oorloë, natuurrampe en so meer, kom om baie redes voor. Dikwels is *ons* direk verantwoordelik, soms is Satan, en soms is die postdiluviaanse kragte van die natuur te blameer. Meer dikwels is 'n kombinasie van bydraende faktore betrokke. Omdat ons nie duidelik kan sien *waarom* 'n bepaalde gebeurtenis van lyding plaasgevind het nie, is ons geneig om God daarvoor te blameer. Is dit regverdig? Is dit redelik? Ons geneigdheid om die skuld te verskuif kom al lankal aan. Wanneer en waar het hierdie ontduiking van verantwoordelikheid begin? “En die mens antwoord: Die *vrou* wat *U* gegee het om by my te wees, *sy* het my van die boom gegee, en ek het geëet. Daarop sê die HERE God aan die vrou: Wat het jy nou gedoen? En die vrou antwoord: *Die slang* het my bedrieg, en ek het geëet." (Genesis 3:12-13, klem bygevoeg).

O HERE, u goedertierenheid is tot in die hemele, u trou tot in die wolke. U geregtigheid is soos die berge van God; u oordele is ‘n groot watervloed. HERE, U behou mense en diere! Hoe kosbaar is u goedertierenheid, o God! Daarom skuil die mensekinders onder die skaduwee van u vleuels.

— Psalm 36:6–8

16

# Wat van die Vloed?

Wat van die vloed in die tyd van Noag? As God nie die vernietiger is nie, wat het plaasgevind om ons wêreld se grootste ramp te bewerkstellig? Watter bewyse kan ons in die Bybel en elders vind om ons 'n redelike verduideliking te gee vir die oorsaak van hierdie groot wêreldwye vloed?

> Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar. (Genesis 6:3)

God het blykbaar vooruit gekyk na 'n tyd toe die mens hom so ver van Hom sou distansieer dat Hy verplig sou wees om hulle te laat gaan, deur Sy handhawende greep op die kragte van die natuur los te maak. Ons wonder dalk wat Hom uiteindelik daartoe gebring het om dit te laat gaan. Het God 'n berekende besluit geneem om dit te doen, of was daar nog 'n faktor betrokke?

Stel jou voor dat jy 'n buurman het wat 'n aantal persoonlike probleme het. Hy sukkel finansieel, het verskeie gesondheidskwessies en is nie in staat om meer as 'n paar blokke van die huis af te loop nie. Daarbenewens besit hy nie 'n motor nie, wat dit vir hom moeilik maak om alledaagse takies af te handel en om aan na sy behoeftes om te sien.

Op 'n dag, in gesprek met hom, hoor jy van sy gebrek aan vervoer en bied aan om hom na die kruidenierswinkel en ander plekke te neem. Deur die loop van die volgende paar maande gee jy hom ritte in jou motor na doktersafsprake, die apteek en die supermark. Hierdie reëling blyk goed te werk en jy is bly om hom te help.

Dan een heerlike somersdag verskyn dieselfde buurman by jou deur. Dit lyk of hy in ‘n geïrriteerde bui is en vra jou om hom na 'n

bank aan die anderkant van die dorp te neem. Jy neem notisie daarvan dat hy 'n papiersak dra, 'n ski-masker, en iets wat lyk soos 'n handwapen wat in 'n sokkie toegedraai is. Wat sal jy doen? Sal jy jou motorsleutels gryp en vrolik by die deur uit haas om jou vriend na sy bestemming en terug te bestuur?

Almal van ons het perke wat ons nie wil oorskry nie. Hierdie perke het betrekking tot morele, etiese en persoonlike grense. Is dit nie redelik om te glo dat God ook perke het wat *Hy self nie* sal of *kan* oorskry nie?

> Toe die HERE sien dat die boosheid van die mens op die aarde groot was en al die versinsels wat hy in sy hart gedink, altyddeur net sleg was… (11) Maar die aarde was verdorwe voor die aangesig van God, en die aarde was vol geweld. (12) Toe sien God die aarde aan, en – dit was verdorwe, want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe. (13) En God sê vir Noag: Die einde van alle vlees het volgens my besluit gekom; want die aarde is deur hulle vervul met geweld. En kyk, Ek gaan hulle saam met die aarde verdelg. (Genesis 6:5,11-13)

Hoe was ons wêreld net voor die vloed? God het aan Noag geopenbaar, "die aarde is *deur hulle* vervul met geweld" (vers 13, klem bygevoeg). As gevolg van die mensdom se geweld het die aarde self geweld *opgegaar*. Buitengewone gewelddadige magte sou binnekort ontketen word in die komende ramp. Die menslike samelewing was op die rand van morele ineenstorting: "Toe sien God die aarde aan, en dit was verdorwe, want alle vlees het sy wandel op die aarde verderwe.” (vers 12)

Hoeveel lojale volgelinge het God gehad, veral gedurende hierdie donker tyd van die geskiedenis? Slegs Noag word in die Bybel genoem. Wat het hierdie hartseer situasie veroorsaak? Die mensdom se gedagtes was "altyddeur net sleg." Hoe definieer die Bybel die boosheid? Toe Adam en Eva die vrugte van die "boom van die kennis

van goed en kwaad" geëet het (Genesis 2:17), het hul opinie omtrent God se goedheid verander en ‘n perfekte definisie van *boosheid* geword. Ons eerste ouers se verwronge prentjie van ons sagmoedige God is wat die wêreld geërf het. Die gewelddadige inwoners van die antediluviaanse wêreld het gedink dat God hul geweld goedgekeur het. Wat was God se reaksie? "Daar was smart in sy hart" (Genesis 6: 6).

Die mensdom het God gedruk tot op die punt wat Hy nie kon oorskry sonder dat Hyself 'n onwillekeurige deelnemer aan die geweld word nie. God was verplig om Sy greep op die natuurlike wêreld te laat los. Toe die 120-jaar tydperk geëindig het en die passasiers veilig in die ark was, het die reën begin val, stortreën het vir veertig dae en veertig nagte afgekom. Waardeur is hierdie massiewe vloed veroorsaak? Ons vind belangrike leidrade in die eerste hoofstuk van Genesis:

> En God het gesê: Laat daar ‘n uitspansel wees tussen die waters, en laat dit skeiding maak tussen waters en waters. (7) God het toe die uitspansel gemaak, en die waters wat onder die uitspansel is, geskei van die waters wat bo die uitspansel is. En dit was so. (8) En God het die uitspansel hemel genoem… (Genesis 1:6-8)

Wat is 'n uitspansel? Uitspansel beteken 'n uitgestrektheid, 'n gewelf of 'n koepel. 'n Koepel verwys na 'n bedekking oor die aarde wat in die hemel of atmosfeer opgehang of vasgemaak is. Die skrifgedeelte gaan voort om hierdie koepel te beskryf as die skeiding van die waters, met 'n aansienlike hoeveelheid water *bokant* die koepel.

'n Massiewe bedekking van atmosferiese waterdamp het die hele aarde omring soos 'n reusagtige kweekhuis wat ons wêreld 'n gelykmatige en sagte tropiese klimaat van die Noordpool tot by die Suidpool gegee het. Gefossileerde oorblyfsels van warmklimaatplante en diere is gevind in poolstreke wat bewys lewer dat so 'n klimaat eens

regoor ons planeet bestaan het. Die Bybel gee ook 'n ander belangrike leidraad oor die klimaat van die aarde in daardie vroeë dae:

> Dit is die geskiedenis van die hemel en die aarde toe hulle geskape is. Die dag toe die HERE God die aarde en die hemel gemaak het, (5) was daar nog geen struike in die veld op die aarde nie, en geen plante van die veld het nog uitgespruit nie; want die HERE God het nog nie laat reën op die aarde nie,… (6) Maar 'n mis het opgetrek uit die aarde en die hele aardbodem bevogtig. (Genesis 2:4-6)

Hierdie verse dui op 'n wêreld wat baie anders is as die een wat ons vandag ken. "Die HERE God het nog nie laat reën op die aarde nie… Maar 'n mis het opgetrek uit die aarde en die hele aardbodem bevogtig." Die aarde het 'n klam, tog warm en buitengewoon gelykmatige klimaat, sonder skielike temperatuurwisselinge gehad. Met sulke gelykmatige temperature sou daar geen donderstorms, geen tornado's, geen orkane, geen hael of sneeu en blykbaar nie eens reën gewees het nie. Dit is ook waarskynlik dat die oppervlak van die aarde self veel meer gelyk was as vandag; geen baie hoë berge of diepsee-klowe nie. Daarbenewens sou baie minder van die aarde se oppervlak met water bedek wees.

Wat het al die water wat hoër in die atmosfeer was, vasgehou, en wat was die meganisme wat veroorsaak het dat die vloed begin het? Ons weet uit eenvoudige waarneming dat hitte water laat styg. Water wat verhit word in 'n ketel op die stoof, ontsnap uit die tuit as verdamping. Liggame water op ons planeet gee elke dag 'n massiewe volume watermolekules af. Hoe meer hitte toegedien word, hoe vinniger ontsnap hulle. Relatief min watermolekules verdamp van die oppervlak van 'n bevrore meer in die hartjie van die winter in vergelyking met 'n warm somersdag.

Indien daar voor die vloed meer hitte-energie beskikbaar was; sou dit nie meer water in die atmosfeer ondersteun het nie? Ons aarde kry

feitlik al sy hitte-energie van ons son. Daarsonder sal ons wêreld ultra-bevrore raak met 'n oppervlaktemperatuur wat die absolute nul bereik.

Toe God ons wêreld geskape het, het Hy 'n ongelooflike presiese hitte-energie-stelsel in werking gestel, wat 'n massiewe hoeveelheid water in die atmosfeer kon hang. Die son sou 'n belangrike meganisme in die werking van hierdie stelsel gewees het. Dit is ook redelik om te glo dat die son voor die vloed *meer* hitte vrygestel het as vandag. As dit waar is, dan is dit redelik om te glo dat, wanneer God verplig was om Sy greep op die natuurlike wêreld te laat los, sou die son se energie-uitset geraak word.

Die delikate balans in die atmosfeer was ontwrig en "in die seshonderdste jaar van die lewe van Noag, in die tweede maand, op die sewentiende dag van die maand, op dieselfde dag, is al die fonteine van die groot watervloed oopgebreek, en die sluise van die hemel is geopen; en die stortreën was op die aarde veertig dae en veertig nagte lank." (Genesis 7:11-12). Die geskiedenis se eerste reëndruppels het begin val en uiteindelik stortreën duisende kubieke kilometer water op die aarde neer.

Geologiese onstabiliteit het saamgeval met die atmosferiese onstabiliteit wat verhoogde waterdruk in ondergrondse opgaardamme veroorsaak: "Op dieselfde dag, is al die fonteine van die groot watervloed oopgebreek" (Genesis 7:11). Hierdie "fonteine" het bygedra tot baie bykomende vloedwater.

Slegs die agt mense in die ark het die vloed oorleef: Noag en sy familie. Talle dierspesies was ook aan boord van die massiewe ark, met die doel om die wêreld met elke soort dier te herbevolk na die vloed.

Die fossieloorblyfsels van die ark word bewaar in 'n nasionale park wat toegewy is aan die ligging van die ark in Oos-Turkye, naby die klein stadjie Dogubayazit. Hierdie buitengewone argeologiese ontdekking in die berge van Ararat is noodsaaklike bewyse dat die

Bybelse weergawe van die groot vloed nie 'n fabel is nie, maar betroubare geskiedenis van die enigste wêreldwye natuurramp:

> *Toe het die waters geleidelik van die aarde teruggegaan, en die waters het afgeneem aan die end van honderd-en-vyftig dae. En die ark het in die sewende maand, op die sewentiende dag van die maand, op die gebergte van Áratat gerus.*
>
> — Genesis 8:3–4

17

# Die Getuienis van die Kruis

Deur 'n korrekte begrip van God se optrede in die Ou Testament is ons verseker dat Hy nie vernietig nie – ongeag van omstandighede. Nogtans word die mees noodsaaklike bewyse dat God nie die sondaar nader om Hom te vernietig nie, in die Nuwe Testament gevind.

Die oortuiging dat Jesus aan die kruis vir ons gesterf het, is bykans universeel onder Bybelkenners, hoewel daar verskillende sienings is oor hoe die dood van Jesus ons red. Nietemin glo die meeste dat toe Jesus aan die kruis gesterf het, het Hy ervaar wat ons bestem was om te ervaar, sonder God se selfopofferende ingryping namens ons.

As dit waar is, dan sou ons verwag om te vind dat Jesus op dieselfde manier gesterf het as wat ons sou moes sterf met betrekking tot wat God "doen" om die dood te bewerkstellig. As ons glo dat dit God is wat die sondaar vernietig, dan sal ons ook verwag dat God, die Vader, Jesus genader het om Hom dood te maak. Is dit wat ons vind? Die evangelie van Matthéüs gee 'n volledige weergawe van die kruisiging van Christus. Wat was Jesus se laaste woorde net oomblikke voor Sy dood? "My God, my God, waarom het U my *verlaat*?" (Matthéüs 27:46, klem bygevoeg).

Hierdie vers openbaar hoe Jesus gesterf het. God, die Vader het Sy Seun toegelaat om te ervaar wat elkeen, wat Sy liefde verwerp, sal ervaar wanneer hulle afgeskei word van Hom, die Lewegewer. God, die Vader het nie vir Jesus doodgemaak nie – ons sonde het: "Die loon van die sonde is die dood" (Romeine 6:23). Sonde is volkome in staat om die dood op sigself te veroorsaak, sonder enige hulp van God. Alle lewe is van God, sonder uitsonderings. Alle dood is die gevolg van sonde, sonder uitsonderings. Om te dink dat God die bron van die dood is, is *onlogies* – met geen uitsonderings nie.

Dit is nie moontlik om in hierdie klein volume elke gebeurtenis van vernietiging en lyding wat aan God toegeskryf word, te ondersoek nie. Die gedeeltes wat ons ondersoek het, is egter 'n sleutel tot 'n korrekte begrip van God se rol in die dood en die rampe in die Bybel. Die Bybel interpreteer die Bybel. Wanneer die gordyn in 'n bepaalde gedeelte teruggetrek word om te verduidelik wat God se optrede is, kan ons dit gebruik as 'n sleutel om ander gedeeltes te verstaan wat nie so duidelik is nie (soos wanneer dit blyk dat twee Bybelgedeeltes mekaar weerspreek). Daarbenewens is dit die moeite werd om spesiale oorweging te skenk aan die woorde van God oor Homself, byvoorbeeld: "Want Ek, die Here, het nie verander nie." (Maleági 3:6). Ten slotte, die waarheid omtrent God, wat Jesus geleer en gedemonstreer het, is 'n akkurate padkaart vir die hele Bybel van Génesis tot Openbaring.

*Sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.*

*— Efésiërs 3:17–19*

18

# God Is Nie ‘n Tiran Nie

Daar is wonderlike nuus vir almal wat blootgestel is aan die leerstelling van 'n ewige brandende hel. Hierdie leerstelling word nie ondersteun deur 'n deeglike studie van die Bybel nie. Die Skrif beskryf die dood as 'n onbewuste toestand. Dit is 'n tydelike *slaap* wat net tot die opstanding sal duur. Ná daardie tyd sal almal wat versoening met God teengestaan het, as ‘n natuurlike gevolg, tot in alle ewigheid nie meer bestaan nie.

Om steun te vind vir 'n ewige verbrandingsplek van pyniging in die Bybel, moet ons dit doen deur woorde wat simbolies is, letterlik te interpreteer. Die woord *vuur* kan 'n letterlike of simboliese betekenis hê. In die boek Daniël, toe Nebukadnésar Sadrag, Mesag en Abednego in die brandende vuuroond gegooi het, was dit duidelik 'n letterlike vuur wat hulle ervaar het. Toe Johannes die Doper, wat met water gedoop het, gesê het dat Christus met die Heilige Gees en met vuur sou doop, het Hy duidelik *nie* na letterlike vuur verwys nie, maar het die woord *vuur* figuurlik gebruik.

"Onse God is 'n verterende vuur" en "God is liefde" (Hebreërs 12:29, 1 Johannes 4:16). Is hierdie twee definitiewe stellings oor God teenstrydig? Net as ons aan die vuur dink as 'n letterlike vuur. Vuur is 'n chemiese reaksie. Is God 'n chemiese reaksie? Hierdie stellings is in perfekte harmonie as ons die effek van God se liefde op 'n persoon verstaan. God se liefde verteer selfsug. Selfsug is die teenoorgestelde van ware liefde. Wanneer ons onsself oopstel vir God se liefde sal dieselfde liefde in ons ingaan wat die dodelike selfsug in ons harte verteer. Dit is 'n lewe-gewende ondervinding.

As ons God se liefde teenstaan, eerder aan ons eie selfsug vashou, sal dieselfde liefde 'n bron van pyniging wees. Ons sal poog om daarvan weg te beweeg en selfs van God te vlug of weg te kruip. Dit

was die ervaring van Adam en Eva nadat hulle die slang se leuen omtrent God geglo het. As ons dit so verstaan, kan ons sien dat *God se liefde die verterende vuur is*.

Jesus se gelykenis van die ryk man en Lasarus word soms gebruik om die leerstelling van 'n letterlike plek van pyniging te steun:

> En daar was ‘n ryk man, en hy het purper en fyn linne gedra en elke dag vrolik en weelderig gelewe. (20) En daar was ‘n bedelaar met die naam van Lasarus wat vol swere voor sy poort gelê het. (21) En hy het verlang om hom te versadig met die krummels wat van die ryk man se tafel val. Ja, selfs die honde het gekom en sy swere gelek. (22) En toe die bedelaar sterf, is hy deur die engele weggedra na die boesem van Abraham. (23) En die ryk man het ook gesterwe en is begrawe. En toe hy in die doderyk sy oë ophef, terwyl hy in smarte was, sien hy Abraham van ver af en Lasarus aan sy boesem. (24) En hy roep en sê: Vader Abraham, wees my barmhartig en stuur Lasarus, dat hy die punt van sy vinger in water kan insteek en my tong verkoel, want ek ly smarte in hierdie vlam. (25) Maar Abraham antwoord: Kind, onthou dat jy jou goeie dinge in jou lewe ontvang het, en so ook Lasarus die slegte. En nou word hy getroos, maar jy ly smarte. (26) En by dit alles is daar tussen ons en julle ‘n groot kloof gevestig, sodat die wat hiervandaan wil oorgaan na julle, nie kan nie, en die wat dáár is, nie na ons kan oorkom nie. (27) En hy sê: Ek bid u dan, vader, om hom na my vader se huis te stuur – (28) want ek het vyf broers – om hulle dringend te waarsku, sodat hulle nie ook in hierdie plek van pyniging kom nie. (29) Toe sê Abraham vir hom: Hulle het Moses en die Profete; laat hulle na dié luister. (30) Maar hy antwoord: Nee, vader Abraham, maar as iemand uit die dode na hulle gaan, sal hulle hul bekeer. (31) Maar hy sê vir hom: As hulle na Moses en die Profete nie

luister nie, sal hulle nie oortuig word nie, al sou iemand ook uit die dode opstaan. (Lukas 16:19-31)

Jesus het hierdie gelykenis vertel om die effek wat selfsug en onverskilligheid op 'n persoon het, te illustreer. Jesus het die Fariseërs, met hul eiegeregtigheid, aangespreek en Hy het Sy gelykenis om algemene misverstande oor die lewe na die dood, laat wentel.

Die Jode het rykdom geassosieer met die seën van God. In hulle gedagtes was 'n arm persoon, veral een wat 'n fisiese ellende gehad het, vervloek deur God; die gedagte was dat die persoon sy of haar lot in die lewe verdien as gevolg van 'n geestelike gebrek of sonde. Die ryk persoon, aan die ander kant, was verseker van die spesiale guns van God. 'n Persoon se rykdom of status was, volgens die Fariseërs se manier van dink, 'n maatstaf van hulle geregtigheid voor God. Jesus het hulle hierdie gelykenis gegee om die misleiding van hierdie eng en wrede perspektief te ontbloot.

Ons sal eerstens kyk na 'n paar besonderhede in die storie. Na sy dood vind Lasarus, die bedelaar, homself op ‘n gemaklike plek in “die boesem van Abraham”. Die ryk man sterf ook en eindig in die hel en word gepynig; hy kyk op en sien Abraham en Lasarus op 'n afstand. 'n Gesprek volg tussen die ryk man en "vader Abraham."

Kom ons kyk noukeurig na hierdie storie deur 'n paar deurdagte vrae te stel:

- Waar is Abraham en Lasarus geleë in die verhaal?
- As Abraham en Lasarus in die hemel of paradys is, hoe is dit moontlik dat Abraham 'n gesprek kan voer met die ryk man wat in die hel is en hoe is dit moontlik dat die ryk man hulle kan sien?
- As Abraham en Lasarus in die hel is, wat doen hulle daar?
- As Abraham en Lasarus nie in die hemel of die hel is nie, waar is hulle?

- Hoeveel verligting sal 'n paar druppels water op die tong bring aan 'n persoon wat in 'n vurige hel gepynig word?
- Kan Lasarus sien dat die ryk man in die hel gepynig word en sy pleidooie hoor?
- Hoe word Lasarus in Abraham se boesem vertroos?
- Is Lasarus getroos *ten spyte van* sy oënskynlike bewustheid van die ryk man se lyding of *daardeur*?
- Word Lasarus aangemoedig om 'n gevoellose afsydigheid teenoor die ryk man te koester, nou dat hulle situasies omgekeerd is?
- Hoe wyd is die "groot kloof" wat verhoed dat tussen die twee plekke gereis kan word?
- Hoe wyd sou hierdie groot kloof wees om kommunikasie te voorkom tussen die hel en die plek van Abraham en Lasarus?
- Hoe wyd sou hierdie groot kloof moet wees om te verhoed dat diegene, wat op die gemaklike kant van die kloof geleë is, bewus is van die lyding van diegene wat in die hel gepynig word? Driehonderd treë? Driehonderd myl? Sal die heelal wyd genoeg wees?
- Is dit redelik om tot die gevolgtrekking te kom dat, omdat Jesus 'n verwysing na die hel in die gelykenis van die ryk man en Lasarus gebruik het, dat Hy steun verleen het aan die leerstelling van 'n ewige brandende hel?

Lyk dit nie *meer* redelik om tot die gevolgtrekking te kom dat Jesus die konsep van 'n ewige verbrandingsplek van pyniging in Sy gelykenis gebring het om hierdie monsterlike leerstelling te verdryf, eerder as om dit goed te keur nie? Jesus het hier geleer dat dit onmoontlik sou wees vir diegene wat vir ewig sal lewe om perfekte vrede en ware geluk te hê as daar 'n letterlike hel op enige plek in die heelal was.

Die leerstelling dat daar 'n ewige plek van pyniging is, is 'n leuen van Satan wat ons sagte, barmhartige, vergewensgesinde en liefdevolle

God as die ergste tiran denkbaar skilder, en dit is ontwerp om ons van ons Hemelse Vader weg te dryf. Daar sal *nooit* 'n plek van ewige pyniging wees nie. In plaas daarvan, praat die Bybel van 'n dag wat kom wanneer alle lyding sal eindig – vir ewig:

> En ek het ‘n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God. (4) En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan. (Openbaring 21:3-4)

Baie wonder dikwels in watter vorm sal ons vir ewig lewe. Sal ons menslike liggame hê soos ons nou het, of sal ons 'n liggaamlose bestaan voer? Nog meer, *wat is* ons siel?

> En die HERE God het die mens geformeer uit die stof van die aarde en in sy neus die asem van die lewe geblaas. So het dan die mens ‘n lewende siel geword. (Genesis 2:7)

> …die siel wat sondig, dié moet sterwe. (Eségiël 18:4)

Ons lewens benodig die "asem van die lewe," of gees, wat van God is. Ons het nie lewende siele nie. Elkeen van ons *is* 'n lewende siel. Die oortuiging dat ons afsonderlike onsterflike siele besit, word nie deur die Bybel gesteun nie. By die wederkoms van Christus sal ons onvolmaakte liggame "in ‘n oomblik, in ‘n oogwink" verander word (1 Korinthiërs 15:52) tot volmaaktheid.

> Want die loon van die sonde is die dood (Romeine 6:23)

Nêrens in God se Woord word die dood beskryf as enigiets anders as die dood nie. Die hele Skrif, as dit reg verstaan word, bevestig dat

*sonde die dood tot gevolg het*, met slegs een andersdenkende stem: "Toe *sê die slang* vir die vrou: *Julle sal gewis nie sterwe nie*" (Genesis 3:4, klem bygevoeg).

> Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (Johannes 3:16)

Die woord *verlore gaan* beteken om tot 'n toestand van nie-bestaan te kom. Dit beteken nie om êrens anders in 'n toestand van lyding te wees nie.

> Daarna sê Hy [Jesus] vir hulle: *Lasarus*, ons vriend, *slaap*; maar Ek gaan om hom wakker te maak. (12) Sy dissipels sê toe: Here, as hy slaap, sal hy gesond word. (13) Maar Jesus het gespreek van sy dood, terwyl hulle gedink het dat Hy van die rus van die slaap spreek. (14) En toe sê Jesus vir hulle ronduit: *Lasarus is dood*. (Johannes 11:11-14, klem bygevoeg)

Jesus het die dood vergelyk met 'n toestand van slaap, omdat God 'n persoon uit die dood kan opwek. Toe Jesus Lasarus opgewek het, na vier dae in die graf, was Lasarus nie teruggeroep vanuit die hemel nie. Hy het wakker geword van 'n onbewuste toestand – die dood.

> Sy gees gaan uit, hy keer terug na sy aarde toe; op daardie dag is dit met sy planne gedaan. (Psalms 146:4)

By die dood gaan die gedagtes nie êrens anders voort nie.

> Want in die dood word aan U nie gedink nie; wie sal U loof in die doderyk? (Psalms 6:6)

> Want die lewendes weet dat hulle moet sterwe, maar die dooies weet glad niks nie (Prediker 9:5)

Wanneer ons doodgaan, word alle kognitiewe funksies op daardie oomblik gestaak, insluitende enige bewustheid van die verloop van tyd. Die oomblik van opstanding sal lyk asof dit onmiddellik gekom het nadat ons ons laaste asem uitgeblaas het.

> Want die Here self sal van die hemel neerdaal met ‘n geroep, met die stem van ‘n aartsengel en met geklank van die basuin van God, en die wat in Christus gesterf het, sal eerste opstaan. (1 Thessalonicense 4:16)

Hierdie opstanding sal plaasvind *by* die wederkoms van Christus.

> En kyk, Ek kom gou, en my loon is by My (Openbaring 22:12)

Ons sal nie ons ewige beloning ontvang *voordat* Jesus die tweede keer terugkom nie.

> …die salige en enigste Heerser, die Koning van die konings en Here van die here, (16) wat alleen onsterflikheid besit (1 Timótheüs 6:15-16)

God alleen is onsterflik. Ons is nie.

> Kyk, ek deel julle ‘n verborgenheid mee: Ons sal wel nie almal ontslaap nie, maar ons sal almal verander word, (52) in ‘n oomblik, in ‘n oogwink, by die laaste basuin; want die basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word. (53) Want hierdie verganklike moet met onverganklikheid beklee word, en hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word. (54) En wanneer hierdie verganklike met onverganklikheid beklee is en hierdie sterflike met onsterflikheid beklee is, dan sal vervul word die woord wat geskrywe is: Die dood is verslind in die oorwinning. (1 Korinthiërs 15:51-54)

Ons het nie onsterflikheid in onsself en uit onsself nie. Onsterflikheid is *slegs* moontlik deur middel van 'n lewende verbinding met God: "hierdie sterflike moet met onsterflikheid beklee word." Paulus verkondig ook: "Ons sal wel nie almal ontslaap nie." Diegene wat lewe, in Christus, met die wederkoms, sal nooit die dood ervaar nie.

> Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en 'n klein seuntjie sal hulle aanja. (7) Die koei en die berin wei, en hulle kleintjies lê bymekaar; en die leeu eet strooi soos die os; (8) en die suigling speel by die gat van 'n adder, en die gespeende kind steek sy hand uit na die kuil van 'n basilisk. (9) Hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie; want die aarde sal vol wees van die kennis van die HERE soos die waters die seebodem oordek. (Jesaja 11:6-9)

In die nuwe aarde sal die hele skepping van God herstel word tot die oorspronklike volmaaktheid van Eden. Diere sal mekaar nie doodmaak om te oorleef nie en daar sal geen wesens wees wat die mensdom bedreig nie. Daar sal geen vrees, geen lyding en geen dood wees nie.

> *En God sal al die trane van hulle oë afvee, en daar sal geen dood meer wees nie; ook droefheid en geween en moeite sal daar nie meer wees nie, want die eerste dinge het verbygegaan.*
>
> — Openbaring 21:4

## 19

## Ons Skepper en Onderhouer

In die begin het God die hemel en die aarde geskape.
- Genesis 1:1

Hier is die basis van alle ware wetenskap. God het ons wêreld gemaak. God het ons gemaak. Ons is nie die gevolg van toeval nie. Daar is ‘n goddelike doel in ons bestaan. Ons wêreld is egter vandag deurdrenk met 'n filosofie wat lynreg gekant is teen die gewone stelling waarmee God se Woord begin. Ateïsme het probeer om die wetenskap te kaap met die doel om met God weg te doen. Hierdie filosofie het vir meer as 'n eeu 'n wurggreep op wetenskap gehad.

Dit is nie die doel van hierdie klein boekie om die groot volume van bewyse te ondersoek wat skeppingsgebaseerde wetenskap steun nie, aangesien daar baie goeie boeke oor die onderwerp beskikbaar is. Tog is daar vandag 'n stryd oor die bestaan van God. Daar is prominente skrywers en sprekers met baie volgelinge wat op 'n missie is om weg te doen met God. Wat dryf hierdie beweging en *waarom* het so baie mense hul geloof in God verwerp?

Baie opregte mense bly vasklou aan 'n teenstrydige siening van God. Menigtes het grootgeword met die boodskap van die liefde van God, net om die beeld van 'n liefdevolle God effektief te ontken deur 'n kontrasterende prentjie wat Hom skilder as 'n god wat maklik aanstoot neem of kwaad word. Voeg daarby die oortuiging dat God wraak neem op Sy vyande deur dood, vernietiging en ewige pyniging uit te deel. Dit word dan maklik om te sien hoekom soveel mense hul geloof in God geheel en al verwerp het. Dalk verwerp hulle God tog nie, in ag genome dat diegene wat hul geloof in ‘n god verwerp maar net hierdie verwronge beeld het om aan vas te hou. Die sekondêre

vraag van God se bestaan, bestaan slegs omdat die primêre vraag oor God se karakter nie by almal gevestig is nie.

> Toe sien God alles wat Hy gemaak het, en – dit was baie goed. (Genesis 1:31)

Hierdie vers sluit die verhaal van die skepping af. God kon nie alles op aarde bestempel as "baie goed" as enige van Sy skepsele gesterf het voor Sy voltooide skeppingswerk nie. Aangesien God nie die outeur van lyding en dood is nie, sluit dit die bestaanswyse van oorlewing-van-die-sterkste, voor die val van die mensdom uit. Dus word die sondeval die eerste toetrede van lyding en dood in ons wêreld.

Die oorlewing-van-die-sterkste lewenswyse wat ons vandag op ons aarde sien, is 'n wrede aanpassing aan 'n wêreld wat in nood verkeer sedert die toetrede van sonde. Daar is goeie nuus! Die vervreemding van die skepping van sy Skepper wat by die sondeval plaasgevind het, sal genees word in die aarde wat nuut gemaak sal word. Die wet van liefde sal dan die lewenswyse wees, sonder mededinging, geen vrees, geen lyding en geen dood nie. God se oorspronklike plan vir ons aarde sal dan ‘n werklikheid word.

> Want sy onsigbare dinge kan van die skepping van die wêreld af in sy werke verstaan en duidelik gesien word, naamlik sy ewige krag en goddelikheid, sodat hulle geen verontskuldiging het nie. (Romeine 1:20)

As ons die geleentheid gehad het om wetenskap te bestudeer, sal ons die wonderbaarlike akkuraatheid en kompleksiteit wat in die skepping gesien word, waardeer. God se handtekening is orals geskryf. Wanneer ons die bestaan van God ontken, moet ons ook die bestaan van wonderwerke ontken, maar ons is omring deur wonderwerke: die massiewe boom, die delikate veldblom, die lied van voëlsang, die spinnekopweb, die eindelose heelal, die glimlag van 'n baba wanneer

sy haar ma herken, die asem wat jy op hierdie oomblik inneem. Dit is alles wonderwerke van die hoogste orde. Hulle kan nie redelikerwys verduidelik word as enigiets anders as wonderwerke nie. Alle lewe *is* 'n wonderwerk. Die bewyse is oorweldigend dat God ons en alles wat lewe besit, gemaak het. Om na die buitengewone wêreld om ons te kyk en af te lei dat God dit nie geskape het nie, is *nie* redelik nie.

> Want so sê die HERE, wat die hemele geskape het – Hy is God! – wat die aarde geformeer en dit gemaak het – Hy het dit bevestig; Hy het dit nie geskape om woes te wees nie, maar dit geformeer om bewoon te word – Ek is die HERE, en daar is geen ander nie. (Jesaja 45:18)

God het die aarde gemaak om ons ewige woning te wees.

> In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. (2) Hy was in die begin by God. (3) Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie. (14) En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon – en ons het sy heerlikheid aanskou, ‘n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom – vol van genade en waarheid. (Johannes 1:1-3,14)

Ons Skepper het een van ons geword om Homself op ‘n beter wyse te openbaar.

> As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre wat U toeberei het – (5) wat is die mens dat U aan hom dink, en die mensekind dat U hom besoek? (6) U het hom ‘n weinig minder gemaak as ‘n goddelike wese en hom met eer en heerlikheid gekroon. (7) U laat hom heers oor die werke van u hande; U het alles onder sy voete gestel. (Psalms 8:4-7)

Die menslike gesin was “weinig minder gemaak as ‘n goddelike wese." Nogtans sal diegene wat op die aarde gewoon het en met God versoen is, ervarings gehad het wat selfs “die engele begerig is om in te sien” (1 Petrus 1:12). Hul ervaringskennis van God se selfopofferende liefde sal hulle 'n spesiale plek in die heelal gee: "En ek, Johannes, het die heilige stad, die nuwe Jerusalem, sien neerdaal van God uit die hemel, toeberei soos ‘n bruid wat vir haar man versier is. (3) En ek het ‘n groot stem uit die hemel hoor sê: Kyk, die tabernakel van God is by die mense, en Hy sal by hulle woon, en hulle sal sy volk wees; en God self sal by hulle wees as hulle God.” (Openbaring 21: 2-3)

> Hy wat die aarde gemaak het deur sy krag, wat die wêreld gegrond het deur sy wysheid en die hemel uitgespan het deur sy verstand. (Jeremia 10:12)

> Want in Hom lewe ons, beweeg ons en is ons. (Handelinge 17:28)

Die heelal, die aarde en alle lewende wesens op die aarde bestaan nie afsonderlik van God nie. Ons Skepper het ons wêreld nie opgerig, dit opgewen soos 'n horlosie en dit dan verder self laat funksioneer sonder enige verdere insette nie. God “[dra] [voortdurend] alle dinge… deur die woord van sy krag" want "in Hom hou alle dinge stand." (Hebreërs 1:3; Kolossense 1:17).

As jy 'n glas water in jou regterhand vasgehou het en besluit het om dit te laat val, moes jy jou linkerhand gebruik om jou regterhand te dwing om dit te laat val? God sê vir ons: “Ook het my hand die aarde gegrond, en my regterhand die hemele uitgesprei; as Ek hulle roep, staan hulle daar almal saam." (Jesaja 48:13).

Om te dink dat God 'n vernietiger is, benadeel Sy posisie as Onderhouer van die skepping. God hoef nie aktief te vernietig sodat vernietiging plaasvind nie. Byvoorbeeld, in die vernietiging van Sodom en Gomorra is 'n algemene interpretasie dat God vuur en swawel *skep*

om die dinge, wat Hy "dra" of *onderhou*, te vernietig. Hierdie skets van God as vernietiger plaas Hom in konflik met Homself, net soos jy in konflik met jouself sou wees as jy jou linkerhand gebruik om jou regterhand te dwing om die glas water te laat val.

Wanneer God vernietig, vereis dit slegs dat Hy ons moet prysgee. Dit is egter noodsaaklik om te verstaan dat Hy dit nooit eens doen met die begeerte dat dood of vernietiging moet plaasvind nie. God gee ons net prys, omdat Hy liefde is, en liefde vereis werklike vryheid. God gee slegs 'n persoon of 'n nasie huiwerig oor en met diepe hartseer: "Hoe kan Ek jou oorgee, o Efraim, jou prysgee, o Israel? Hoe kan Ek jou maak soos Adma, jou gelykstel met Sebóim: my hart is omgekeer in My, tegelykertyd is my medelyde opgewek." (Hoséa 11:8).

Jesus het hierdie woorde soos ‘n klaaglied oor Jerusalem gesê: "Jerusalem, Jerusalem, jy wat die profete doodmaak en stenig dié wat na jou gestuur is, hoe dikwels wou Ek jou kinders bymekaarmaak net soos ‘n hen haar kuikens onder die vlerke bymekaarmaak, en julle wou nie! (38) Kyk, julle huis word vir julle woes gelaat!" (Matthéüs 23:37-38).

> Want die Seun van die mens het nie gekom om die mense se lewe te verderf nie, maar te red. (Lukas 9:56)

> Die hemele vertel die eer van God, en die uitspansel verkondig die werk van sy hande. (3) Die een dag stort vir die ander ‘n boodskap uit, en die een nag kondig vir die ander kennis aan: (4) daar is geen spraak en daar is geen woorde nie – onhoorbaar is hulle stem. (Psalms 19:2-4)

God praat deur middel van Sy skepping tot alle mense. Niemand is uitgesluit van die uitnodiging om van Hom te leer as gevolg van taalhindernisse of gebrek aan die gedrukte woord nie.

Slaan julle oë op in die hoogte en kyk! Wie het hierdie dinge geskape? Hy laat hulle leërskare uittrek volgens getal, Hy roep hulle almal by die naam, vanweë die grootheid van kragte en omdat Hy sterk van vermoë is; daar word nie een gemis nie.

—Jesaja 40:26

20

# Hoe Kan Ons die Ewige Lewe Hê?

Vroeër in die boek het ons gelees van die val van die mensdom soos opgeteken in Genesis hoofstuk 3. Die slang, die verleier agter 'n masker, het Adam en Eva gelei om te glo dat God daarop uit was om Homself te dien en nie vertrou kon word nie. Toe hulle die leuen geglo het, het hulle probeer om hulself van hul Lewe-Gewer te skei, en die proses van sterwe het vir hulle begin.

Alle dood sedert daardie dag is die gevolg van hul geloof in daardie leuen oor God. Die mensdom was vervreemd van God in die tuin van Eden, omdat Adam en Eva hul denke oor God verander het. Waar hulle Hom eens vertrou het, het hulle Hom nou gewantrou. *Dit is steeds presies wat ons probleem is*. Wat ons nodig het, is om ons denke oor God te verander. Wanneer ons dit doen, sal vertroue wantroue verdring, sodat liefde die vrees oor Hom sal verdring. Ons sal versoen word met ons Skepper en ons sal die ewige lewe hê.

Nadat Adam en Eva die slang se leuen oor God geglo het en probeer het om van Hom weg te kruip, het die gebeurtenisse geen verandering by God teweeggebring nie. Sy liefde vir Sy vervreemde kinders het nie in die minste verminder nie. Enige plan van verlossing wat staatmaak op ons pogings om God se denke oor ons te verander, soek 'n oplossing vir 'n probleem wat *nie* bestaan nie. God koester reeds goeie gedagtes oor ons en Hy het geen oorreding nodig om goed van ons te dink nie. Hy is reeds lief vir ons en waardeer elkeen van ons oneindig baie.

Toe God die Israeliete uit Egipte gebring het, was hulle gewaarsku teen die gevaar van aanbidding van afgode. Hierdie valse gode was algemeen in Bybelse tye en was die produk van verdraaide versinsels. Hulle is dikwels beskou as gode wat kwaad word en bevrediging benodig. Offers en offerandes is gegee om hulle woede in toom te hou.

Ons mag ernstig vra: Leen ons *enigiets* van antieke afgodsaanbidding in ons manier hoe ons met God omgaan?

> En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. (4) Ek het U verheerlik op die aarde. Die werk wat U My gegee het om te doen, het Ek volbring. (Johannes 17:3-4)

In hierdie gebed van Jesus aan Sy Vader, definieer Hy die ewige lewe duidelik. Dit is die ervaring om God te leer ken. Hierdie ervaringskennis versoen ons met ons Lewe-Gewer. Ons begin om die werklike doel van Jesus se sending na ons wêreld te sien – om God akkuraat te openbaar as onselfsugtig, vriendelik, sagmoedig, genadig en vergewensgesind. Terwyl mense na Jesus se woorde geluister het, het hulle die woorde van God gehoor. Terwyl mense sien dat Jesus die siekes genees, die hongeres voed, bemoediging gee, klein kindertjies op Sy skoot hou en toelaat dat Hyself verkeerd verstaan en beswadder word, het hulle God gesien – God in Sy heerlikheid.

Om verwarring te vermy, is dit belangrik om te verstaan dat daar baie beweerde wyses van verlossing is, maar hierdie wyses weerspiëel elkeen 'n teenstellende beeld van God. Hierdie studie sal fokus op een prominente manier van redding waaraan feitlik almal in die Westerse samelewing 'n mate van blootstelling gehad het. Baie opregte mense hou daaraan vas. Dit is die siening dat verlossing 'n regskwessie is.

Sommige eienskappe van hierdie siening sluit in:

- ‘n Beklemtoning van die soewereiniteit van God, eerder as op God se gawe van vryheid aan Sy kinders.
- Die klem op God se krag om te red, eerder as op God se begeerte om ons met Homself te versoen.
- Die oortuiging dat God so rein en heilig is dat Hy aanstoot neem van ons sondes, eerder as om te glo dat God lief is vir ons en

nader aan ons wil kom, net soos ons is. God is bedroef oor sonde as gevolg van wat dit doen aan diegene wat Hy liefhet, nie omdat Hy persoonlik aanstoot gegee word nie.

- Die oortuiging dat God bloed vereis om Sy toorn in toom te hou, eerder as om te verstaan dat God ons wil genees van ons obsessiewe vrees vir Hom. Hy wil hê ons moet verstaan dat dit *sonde* is wat dodelik is – nie Hy nie.
- Die oortuiging dat God boekhou van ons sondes om in 'n komende oordeel teen ons te gebruik, eerder as om te verstaan dat enige rekord wat gehou word, sal wees om te bewys dat God alles gedoen het wat Hy kon om elke mens te red.
- Die siening dat God straf oplê vir die oortreding van Sy wet, eerder as om te verstaan dat dit ons eie selfsug is, in disharmonie met die wet van liefde, wat ons straf. Net soos ons nie die wette van die natuur kan verbreek sonder om gestraf te word nie, kan ons ook nie die wet van liefde oortree sonder straf nie.
- Om die evangelie as die goeie nuus te definieer dat God 'n manier voorsien het om te verhoed om die straf te ontvang wat Hy daar gestel het wanneer Sy wet oortree word, eerder as om te weet dat die ware goeie nuus oor God self handel. As God die soort persoon was wat die doodstraf sou oplê vir die oortreding van Sy wet, sou dit *slegte* nuus wees.
- 'n Word-gered ingesteldheid, eerder as om God te sien as absoluut betroubaar. Om die waarheid te sê, hoe meer fokus ons op die waarheid plaas oor ons sagmoedige God, hoe minder angs sal ons hê oor ons *eie* verlossing, en hoe meer sal ons ander liefhê en waardeer. “Want elkeen wat sy lewe wil red, sal dit verloor; maar elkeen wat sy lewe om My ontwil en die evangelie ontwil verloor, hy sal dit red." (Markus 8:35).

Die wetgebaseerde evangelie plaas altyd onnodige fokus op die versekering van verlossing. God het nie op ons die las gelê om enigiemand se verlossingstatus te bepaal nie – insluitende ons eie. In plaas daarvan om op ons eie geestelike toestand te fokus, moet ons op die Een wat ons elkeen altyd sien fokus, nie net soos ons is nie, maar soos wat ons kan wees. God is lief vir ons en waardeer elkeen van ons oneindig meer as wat ons onsself kan liefhê en waardeer. God wil sonder enige twyfel hê dat elkeen van ons die ewigheid met Hom moet spandeer. Hy wil ook hê ons moet verstaan dat Hy ten volle betroubaar is en meer as in staat is om ons angstige gemoed te genees: "Daar is geen vrees in die liefde nie; maar die volmaakte liefde dryf die vrees buite" (1 Johannes 4:18).

Ons het kortliks twee baie verskillende evangelies vergelyk: die regsgebaseerde evangelie en die genesende evangelie. Die genesende evangelie is in volmaakte harmonie met die leerstellings en voorbeeld van Jesus, terwyl die regsgebaseerde evangelie meer in gemeen het met die menslike verrotte regstelsel wat gebruik was om Jesus (ons sagmoedige Geneesheer) tot die dood te veroordeel.

> Want Ék weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die HERE, gedagtes van vrede en nie van onheil nie. (Jeremia 29:11)

Die enorme hoeveelheid tyd, moeite en onkoste wat in godsdienstige strewes belê word, met die doel om God te oortuig om goeie gedagtes teenoor ons te bedink, is 'n kolossale vermorsing.

> Werp al julle oortredinge waardeur julle oortree het, van julle af weg en maak vir julle 'n nuwe hart en 'n nuwe gees; want waarom wil julle sterwe, o huis van Israel? (32) Want Ek het geen behae in die dood van hom wat sterwe nie, spreek die Here HERE. Bekeer julle dan en lewe. (Eségiël 18:31-32)

God se pleidooi aan elkeen van ons is om van selfsug na die weg van lewe te draai.

> Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (17) Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. (Johannes 3:16-17)

Om in Jesus te glo, is om te glo wat Hy geopenbaar het oor Homself (die Seun van God) en God die Vader.

> …dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie en die woord van die versoening aan ons toe te vertrou. (2 Korinthiërs 5:19)

As die hele poging van God om ons van die ewige dood te red, in een woord opgesom kon word, sou daardie woord *versoening* wees.

> Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind deur die bose werke, het Hy nou versoen. (Kolossense 1:21)

Sedert die sondeval van die mensdom is die ingesteldheid teenoor vervreemding *slegs in ons gedagtes* ingewortel– nooit in God s'n nie.

> Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus. (2 Korinthiërs 4:6)

Die duisternis waarna hierdie vers verwys, verwys na die feit dat ons God misverstaan. Die heerlikheid van God is Sy karakter, wat in die aangesig van Jesus gesien word.

> En terwyl ons almal met onbedekte gesig soos in ‘n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is. (2 Korinthiërs 3:18)

Ons word verander deur aanskouing. Hierdie beginsel werk beide kante toe. As ons glo dat God self-dienend is, versterk dit ons eie selfsug. As ons Hom sien as volkome onselfsugtig, sal dit ons inherente selfsug ontwortel. Deur God se liefde, genade en vergifnis te bepeins, plaas dit dieselfde eienskappe in ons, wat dan in ons weerspieël word.

> Ek sê vir julle dat daar net so blydskap sal wees in die hemel oor een sondaar wat hom bekeer, meer as oor negen-en-negentig regverdiges wat die bekering nie nodig het nie. (Lukas 15:7)

Bekering beteken nie om vir God te sê “Ek is jammer” nie. Bekering beteken om weg te draai, of, anders gestel, 'n verandering van denke. Ware bekering, in die konteks van wat Jesus geleer het, beteken om 'n verandering van denke oor God te hê. Ons sal Hom begin sien soos Jesus Hom akkuraat verteenwoordig het.

> Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. (29) Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; (30) want my juk is sag en my las is lig. (Matthéüs 11:28-30)

Ons hoef nie te werk om goed te wees in 'n nuttelose poging tot geestelike selfverbetering nie. Al ons pogings om daaraan te voldoen, dryf ons na self-fokus en sal lei tot trots of moedeloosheid. Jesus het die oplossing vir ons dilemma. Hy sê net eenvoudig, "Leer van My."

> En die boek van die profeet Jesaja is aan Hom oorhandig; en toe Hy die boek oopmaak, kry Hy die plek waar geskrywe is: (18) Die Gees van die Here is op My, omdat Hy My gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het My gestuur om die wat verbryseld van hart is, te genees. (Lukas 4:17-18)

Ons het almal nodig wat Jesus vir ons kom vervul het; daar is *geen* uitsonderings nie.

21

# Moet Ons die Oordeel Vrees?

Wanneer die oordeel in aanmerking geneem word, behoort ons eers te bepaal wie geoordeel word en wie die oordeel uitspreek. Wanneer ons teruggaan na die gesprek tussen Eva en die slang in die tuin van Eden, onthou ons dat die slang 'n vraag oor God se regverdigheid, welwillendheid en betroubaarheid in Eva se gedagtes geplaas het. Met eerlike oorweging sal dit duidelik word dat dit nie die mensdom was wat daar op die proef gestel was nie – dit was God.

Dit kan vir ons moeilik wees om die idee van God te begryp wat *toelaat* dat Hyself op die proef gestel word. Nietemin, hierdie perspektief is die enigste lewensvatbare een waarby uitgekom kan word, op grond van 'n grondige studie van die Bybel. Ons het God sedert die eerste dialoog met die duiwel onwetend veroordeel. Het ons Hom 'n regverdige verhoor gegee?

Terwyl ons verkeerd is in ons neiging om onsself in die middel van die oordeel te plaas, is ons nie heeltemal vrygestel wanneer dit kom by regverdiging nie. God het ons nie op die proef gestel nie; ons is egter veral kundig om *onsself* te oordeel en te veroordeel. Jesus het gesê dat die woorde wat Hy gespreek het, lewe is. Ons het die keuse om Sy woorde te aanvaar of te verwerp. As Sy woorde werklik lewe is en ons verwerp dit, het ons nie dan 'n oordeel gevel met negatiewe gevolge vir onsself nie?

God veroordeel nie soos oordeel in 'n geregshof plaasvind nie. Wanneer ons vasbeslote is om voort te gaan op die pad na selfveroordeling en dood, kan God niks meer vir ons doen nie, behalwe om ons besluit onwillig te bekragtig.

Daar is nog 'n aspek van die oordeel wat ondersoek moet word. Wanneer ons ander oordeel, reageer dit negatief op onsself. Wanneer ons ander veroordeel, veroordeel ons net onsself in die proses. Om te

sien wie ons *regtig* nodig het om te vrees in die oordeel, moet ons net in die spieël kyk.

Die evangeliese verhaal van die vrou wat in egbreuk betrap was, gee ons 'n illustrasie van hoe die oordeel werk:

> Maar Jesus het na die Olyfberg gegaan. (2) En vroeg in die môre het Hy weer in die tempel gegaan, en al die mense het na Hom gekom, en Hy het gaan sit en hulle geleer. (3) En die skrifgeleerdes en die Fariseërs het 'n vrou wat in egbreuk betrap was, na Hom gebring. (4) En toe hulle haar tussen hulle in laat staan het, sê hulle vir Hom: Meester, hierdie vrou is op 'n daad van egbreuk betrap; (5) en *Moses* het ons *in die wet* bevel gegee om sulke vroue te stenig; maar U, wat sê U? (6) En dit het hulle gesê om Hom te versoek, sodat hulle iets kon hê om Hom te beskuldig; *maar Jesus het neergebuk en met die vinger op die grond geskrywe*. (7) Maar toe hulle aanhou om Hom te vra, het Hy Hom opgerig en vir hulle gesê: Laat dié *een van julle wat sonder sonde is*, die eerste 'n klip op haar gooi. (8) En weer het Hy neergebuk en op die grond geskrywe. (9) En toe hulle dit hoor, het hulle, *deur hul gewete bestraf*, een vir een weggegaan, van die oudste af tot die laaste toe; en Jesus het alleen agtergebly, en die vrou wat daar tussen hulle in gestaan het. (10) En toe Jesus Hom oprig en niemand sien behalwe die vrou nie, sê Hy vir haar: Vrou, waar is daardie beskuldigers van jou? Het niemand jou veroordeel nie? (11) En sy antwoord: Niemand nie, Here. En Jesus sê vir haar: *Ek veroordeel jou ook nie*. Gaan heen en sondig nie meer nie. (Johannes 8:7-11, klem bygevoeg)

Die vrou wat voor Jesus gebring was en as 'n oortreder van die wet voorgehou was, was 'n slagoffer wat deur die bose godsdienstige leiers gebruik was in hul poging om Jesus te vernietig, wie hulle as 'n bedreiging vir hul godsdiens beskou het. Die vrou se beskuldigers het

'n beroep gedoen op die wet van Moses. In 'n ander kennismaking met die Fariseërs wat oor egskeiding gehandel het, het Jesus vir hulle gesê dat die wet van Moses vergunnings tot hulle verharde harte bevat: "En Jesus antwoord en sê vir hulle: Vanweë die hardheid van julle harte het hy [Moses] vir julle hierdie gebod geskrywe" (Markus 10:5).

Die omvang van wat in hierdie *hofsaal-toneel* plaasgevind het, sal duidelik word wanneer ons besef dat Jesus God op aarde was, met al die regte van die goddelikheid, insluitende die reg om oordeel uit te oefen. Jesus het nie dadelik 'n oordeel gevel in die saak wat voor Hom gebring was nie, maar in plaas daarvan neergebuk en met Sy vinger op die grond geskryf. Toe hulle Hom druk vir 'n antwoord op hul vraag, sê Hy vir hulle: "Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi." Hy het toe voortgegaan om op die grond te skryf.

Jesus het 'n doel gehad in alles wat Hy gesê en gedoen het. Toe Hy op die grond geskryf het, was dit nie om die vraag van die godsdienstige leiers te ontduik nie. Hy het die omstandighede geken wat die vrou voor Hom gebring het. Jesus het ook die geskiedenis van elkeen van haar beskuldigers geken en hulle gedagtes en motiewe gelees. Hy kon afskuwelike uitlatings gemaak het, in afkeer van die geveinsdes, in die teenwoordigheid van die getuies. In plaas daarvan het Hy die godsdienstige leiers genadiglik van hul eie sondes bewus gemaak deur hul sondes in die stof te skryf – 'n buitengewone nie-permanente geskrewe rekord van hulle sondes.

Jesus het elke persoon wat rondom Hom vergader het, liefgehad en oneindige waardering vir hulle gehad, ondanks die omstandighede wat hulle bymekaar gebring het. Sy missie was om die wêreld te red, en Hy het probeer om die versoening van die vrou *en* haar beskuldigders wie Hy nie verder wou vervreem nie, mee te bring.

Jesus het aan die godsdienstige leiers gesê: "Laat dié een van julle wat sonder sonde is, die eerste 'n klip op haar gooi." Hier handig Hy die verantwoordelikheid van oordeel weer oor aan hulle. Jesus het nie na hierdie wêreld gekom om te oordeel en te veroordeel nie, en Hy kan dus nie in die rol van 'n regter gestoot word nie. Het die skrifgeleerdes

en Fariseërs Sy woorde aangeneem as 'n uitnodiging om klippe na die vrou te gooi? Blykbaar nie, want hulle het almal die toneel verlaat, "een vir een."

Jesus, as God, het die vrou nie veroordeel nie, maar in Sy woorde "Gaan heen en sondig nie meer nie," het Hy die deur oopgemaak na die weg van lewe vir haar. Hy het haar nie beveel om net die aksies wat haar in Sy teenwoordigheid gebring het, te verlaat nie; Hy het haar vryheid van dodelike sonde aangebied – die sonde van die oortuiging dat God nie ons vertroue waardig is nie.

Jesus het hierdie vrou die weg om toekomstige veroordeling te vermy, aangebied. Hy het God se liefde vir haar as persoon, geopenbaar. Hierdie vrou was in die teenwoordigheid van die Lewe-Gewer, en sy het geweet sy kan Hom liefhê en vertrou. Haar siening van God en haar verhouding met Hom het radikaal ten goede verander na hierdie ontmoeting.

Vir haar was die oordeel wat plaasgevind het, lewens-veranderend en lewe-gewend.

Jesus het die hardvogtige skrifgeleerdes en Fariseërs, wat so vinnig die vrou kon veroordeel, nie veroordeel nie, maar Hy het 'n geestelike spieël voor hulle gehou wat hul eie donker karakters weerspieël het. As gevolg daarvan is hulle "*deur hul gewete bestraf*," en hulle het verplig gevoel om die teenwoordigheid van die Lewe-Gewer se suiwer, onselfsugtige liefde, te verlaat. Hulle het gekom om 'n ander te veroordeel, maar het uiteindelik hulself in die proses veroordeel.

> Daarom is jy, o mens wat oordeel, wie jy ook mag wees, sonder verontskuldiging; want waarin jy ‘n ander oordeel, veroordeel jy jouself; want jy wat oordeel, doen dieselfde dinge. (2) En ons weet dat die oordeel van God na waarheid is oor die wat sulke dinge doen. (3) En meen jy, o mens wat hulle oordeel wat sulke dinge doen, en dit self doen, dat jy die oordeel van God sal ontvlug? (Romeine 2:1-3)

God gee elkeen van ons ware vryheid. Hy sal nie ons keuse van selfveroordeling oorheers nie. God se oordeel hier is Sy onwillige bekragtiging van hierdie selfveroordeling, wanneer ons kies om buite die kring van wedersydse liefde en lewe te bly. Daar is geen ontvlugting uit hierdie oordeel nie, aangesien God ons nie, teen ons wil, kan dwing om die pad te loop wat tot die lewe lei nie.

> Want die Vader oordeel ook niemand nie, maar het die hele oordeel aan die Seun gegee. (Johannes 5:22)

God, die Vader, oordeel ons nie.

> Dit is die Gees wat lewend maak, die vlees is van geen nut nie; die woorde wat Ek tot julle spreek, is gees en is lewe. (Johannes 6:63)

Die woorde van Jesus is lewe. In elke woord wat Jesus gespreek het, het Hy God se versoenende liefde geopenbaar.

> En Jesus het uitgeroep en gesê: Wie in My glo, glo nie in My nie, maar in Hom wat My gestuur het. (45) En wie My aanskou, aanskou Hom wat My gestuur het. (46) Ek het as ‘n lig in die wêreld gekom, sodat elkeen wat in My glo, nie in die duisternis sou bly nie. (47) En as iemand na my woorde luister en nie glo nie, *Ek oordeel hom nie; want Ek het nie gekom om die wêreld te oordeel nie*, maar om die wêreld te red. (48) Wie My verwerp en my woorde nie aanneem nie, het een wat hom oordeel: die woord wat Ek gespreek het, dit sal hom oordeel in die laaste dag. (Johannes 12:44-48, klem bygevoeg)

Jesus oordeel ons nie. God bied ons die Woord van Lewe, maar Hy sal ons nooit dwing om dit te aanvaar nie.

> Moenie oordeel nie, sodat julle nie geoordeel word nie. (2) Want met die oordeel waarmee julle oordeel, sal julle geoordeel word; en met die maat waarmee julle meet, sal weer vir julle gemeet word. (3) En waarom sien jy die splinter in die oog van jou broeder, maar die balk in jou eie oog merk jy nie op nie? (4) Of hoe sal jy vir jou broeder sê: Laat my toe om die splinter uit jou oog uit te haal, en kyk, in jou eie oog is die balk! (5) Geveinsde, haal eers die balk uit jou oog uit, en dan sal jy goed sien om die splinter uit die oog van jou broeder uit te haal. (Matthéüs 7:1-5)

As God die Vader ons nie oordeel nie en Jesus ons nie oordeel nie, *hoekom* sou ons dink dat ons bevoeg is om ander te oordeel terwyl ons 'n veroordelende gees ('n balk in ons eie oog) koester?

> Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, wie my woord hoor en Hom glo wat My gestuur het, het die ewige lewe en kom nie in die oordeel nie, maar het oorgegaan uit die dood in die lewe. (Johannes 5:24)

Om die waarheid oor God te verstaan en om te leer om Hom te vertrou, lei tot lewe. Jesus sê: "Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie" (Johannes 3:18).

> Maar Paulus en Bárnabas het vry-uit gespreek en gesê: Dit was noodsaaklik dat die woord van God aan julle eers verkondig moes word. Aangesien julle dit egter verwerp en julleself die ewige lewe nie waardig ag nie – kyk, ons wend ons tot die heidene. (Handelinge 13:46)

Dit is 'n verhelderende voorbeeld van selfveroordeling.

> En julle moet nie oordeel nie, dan sal julle nooit geoordeel word nie. Julle moet nie veroordeel nie, dan sal julle nooit

> veroordeel word nie. Spreek vry, en julle sal vrygespreek word. (Lukas 6:37)

In Lukas se evangelie leer die gelykenis van die verlore seun ons dat God ons reeds vergewe het, voordat ons vra. Wanneer ons geoordeel word, veroordeel word of nie vergewe word nie, het ons slegs onsself om te blameer "want net wat die mens saai, dit sal hy ook maai" (Galasiërs 6:7).

> En Jesus sê: Tot ‘n oordeel het Ek in hierdie wêreld gekom, sodat die wat nie sien nie, mag sien, en die wat sien, blind mag word. (40) En dié van die Fariseërs wat by Hom was, het dit gehoor en vir Hom gesê: Is ons dan ook blind? (41) Jesus antwoord hulle: As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie; maar nou sê julle: Ons sien! Daarom bly julle sonde. (Johannes 9:39-41)

Wat is die "oordeel" waarmee Jesus in die wêreld gekom het? Hy het na hierdie wêreld gekom om God se liefde vir die mensdom te openbaar, asook die oneindige waarde wat Hy op elkeen van ons plaas. Hy wil hê ons moet mekaar *sien* soos Hy ons sien en mekaar waardeer soos Hy ons waardeer. Jesus leer ons om *blind* te wees vir die sondes van ander, sowel as die kunsmatige gekonstrueerde verskille wat ons verdeel: sektarisme, nasionalisme, stamgebondenheid, party-politiek of enige ander middel wat ons-teen-hulle-mentaliteit aanmoedig.

Die Fariseërs het hierdie les nie verstaan wat Jesus oorgedra het nie. Hulle was hewig sektaries en het na die heidene, wat nie van Joodse afkoms was nie, neergekyk as honde. Hulle was ook selfaangestelde kundiges wat die sondes van ander kan *sien* om daarvolgens te oordeel.

> Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag

> gaan nie, maar die ewige lewe kan hê. (17) Want God het sy Seun in die wêreld gestuur nie om die wêreld te veroordeel nie, maar dat die wêreld deur Hom gered kan word. (18) Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die *Naam* van die eniggebore Seun van God nie. (19) En *dit is die oordeel: dat die lig in die wêreld gekom het, en die mense het die duisternis liewer gehad as die lig*; want hulle werke was boos. (Johannes 3:16-19, klem bygevoeg)

In hierdie gedeelte beteken *naam* karakter. Die verwerping van die openbaring van God se karakter wat Jesus aan die lig gebring het, is in werklikheid die verwerping van God. In Jesus sê God – *dit is wie Ek werklik is*.

> En toe dit dag geword het, het al die owerpriesters en die ouderlinge van die volk saam raad gehou teen Jesus om Hom dood te maak. (2) En hulle het Hom geboei en weggelei en Hom oorgelewer aan Pontius Pilatus, die goewerneur. (Matthéüs 27:1-2)

Wat 'n beeld is dit! Sonde-versadigde godsdienstiges wat die dood van hul Lewe-Gewer soek, en Hy staan hulle nie teë nie en oordeel hulle ook nie! Wie of wat is dodelik – God of sonde?

Ons lees en hoor van Christus se laaste ure voor Sy dood, sonder om die dieper betekenis agter Sy verhoor en kruisiging te onderskei. Jesus is ten volle God, sowel as ten volle mens. Toe Jesus voor Pontius Pilatus verhoor was, was Hy *volkome* God. Toe Hy geoordeel en veroordeel was, was Hy *volkome* God. Toe Hy gegésel was, bespot en aan die kruis vasgespyker was om te sterwe, was Hy heeltyd *volkome* God.

God het Homself toegelaat om tereggestel te word en veroordeel te word deur diegene wat Hy liefgehad het en verlang om met Homself

te versoen. Hoekom? Omdat dit vir ons so ongelooflik moeilik is om te *sien* wat ons sonde aan *Hom* gedoen het.

Jesus, die Seun van God, het geweldig gely tydens Sy laaste lewensure op aarde – meer as wat ons kan dink. Maar Jesus se lyding het nie in die tuin van Getsémané begin nie, en het ook nie met Sy sterwende woorde aan die kruis, geëindig nie. God het met ons en vir ons gely sedert sonde die eerste keer in ons wêreld gekom het en Hy sal voortgaan om met ons en vir ons te ly tot die dag wat sonde sy vernietigende gang geloop het en alle lyding en dood tot 'n ewige einde kom.

Die verhoor en lyding van Jesus in die hande van diegene wie Hy geskape het, om Sy oneindige liefde te deel, behoort ons 'n beeld te gee van die lyding wat ons God aangedoen het vir duisende jare. Ons hou aan om God voor ons menslike hof te bring, om aanklagte van onverskilligheid, onaktiwiteit, afkeurigheid en selfs aktiewe, wraaksugtige vernietiging te bring. Te veel kere is ons uitspraak *aangekla en skuldig bevind*! Wat meer kan God nog doen om Sy vervreemde kinders te versoen, as wat Hy reeds doen? Die kruis is die goddelike meesterstuk van versoening. Die kruis vernietig Satan se bewering dat God self-dienend, ongevoelig en onbetroubaar is.

Selfs soveel as wat ons God se karakter verduister het, is daar goeie nuus – God weet hoekom ons Hom verkeerd verstaan, maar Hy veroordeel ons nie daarvoor nie. Hy sal ons steeds liefhê ten spyte van ons ondankbaarheid vir wat Hy vir ons gedoen het en steeds daagliks vir ons doen. Maar sou dit nie wonderlik wees vir God as ons besef dat *dit nie alles oor ons gaan nie*; ons Skepper is ook intiem betrokke by ons dilemma. Kan ons aan *Hom* dink? Kan ons onsself toelaat om Hom te sien soos Hy werklik is – met Sy onwrikbare, ander-gesentreerde liefde, en die liefde wat Hy verdien, teruggee? Is dit te veel gevra? "Ons het Hom lief, omdat Hy ons eerste liefgehad het." (1 Johannes 4:19).

*In al hulle benoudheid was Hy benoud, en die Engel van sy aangesig het hulle verlos; deur sy liefde en deur sy medelyde het Hý hulle verlos; en Hy het hulle opgehef en hulle gedra, al die dae van die ou tyd.*

—Jesaja 63:9

## 22

## Hoe Lyk God se Oordeel?

> Leer om goed te doen, soek die reg, beteuel die verdrukker, doen reg aan die wees, verdedig die saak van die weduwee.

— Jesaja 1:17

God se oordeel kondig nooit 'n geregtelike vonnis teen ons aan nie. Dit word hier gedefinieer as verligting van lyding en bevordering van *regverdigheid* in 'n onregverdige wêreld.

> Kyk, my Kneg wat Ek uitverkies het, my Geliefde in wie my siel ‘n welbehae het! Ek sal my Gees op Hom lê, en Hy sal aan die nasies die reg aankondig. (19) Hy sal nie twis of uitroep nie, en niemand sal sy stem op die strate hoor nie. (20) ‘n Geknakte riet sal Hy nie verbreek nie, en ‘n lamppit wat rook, sal Hy nie uitblus nie, totdat Hy die reg tot oorwinning uitbring. (21) En op sy Naam sal die heidene hoop. (Matthéüs 12:18-21)

God se regverdige, sagmoedige oordeel bring vertroue na vore.

> En as julle die opbrings van julle land oes, moet jy die kant van jou land nie heeltemal afoes en die are wat val, nie versamel nie. (10) Jou wingerd moet jy ook nie skoon afoes nie, en die trossies wat van jou wingerd val, nie versamel nie. Vir die arme en die vreemdeling moet jy dit laat oorbly. Ek is die HERE julle God. (Levítikus 19:9-10)

God het probeer om voorsiening te maak vir die benadeelde in die antieke samelewing.

> En as ‘n vreemdeling by jou in julle land vertoef, mag julle hom nie verdruk nie. (34) Die vreemdeling wat by julle vertoef, moet vir julle wees soos ‘n kind van die land wat onder julle is. En jy moet hom liefhê soos jouself, want julle was vreemdelinge in Egipteland. Ek is die HERE julle God. (35) Julle mag geen onreg doen in die gereg, in lengtemaat, gewig of inhoudsmaat nie. (36) Julle moet ‘n regte weegskaal hê, regte weegstene, ‘n regte efa en ‘n regte hin. Ek is die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei het.
> (Levítikus 19:33-36)

> Wee hulle wat heillose insettinge tot wet maak, en die skrywers wat moeite ywerig voorskrywe, (2) om die armes van die gereg weg te stoot en om die ellendiges onder my volk van die reg te beroof, sodat die weduwees hulle buit kan word en hulle die wese kan plunder. (Jesaja 10:1-2)

God is inklusief – met Hom is daar *geen buitestaanders* nie. God is bewus van menslike wette, sakepraktyke en instellings wat die rykes bevoordeel ten koste van die armes. Hy noem dit rowery. Enige vorm van wanvoorstelling in handel val onder die Bybel se definisie van diefstal.

> Waarom vas ons, en U sien dit nie? Waarom kwel ons ons siel, en U weet dit nie? – Kyk, op die dag as julle vas, soek julle geleentheid om sake te doen, en julle jaag al jul arbeiders aan. (4) Kyk, om te twis en te kyf, vas julle, en om te slaan met misdadige vuis; julle vas nie nou om julle stem in die hoogte te laat hoor nie. (5) Is dit die vas wat Ek verkies, die dag as die mens sy siel gaan kwel: dat hy sy hoof buig soos ‘n biesie en sak en as uitsprei om sy bed te wees? Noem jy dit vas en ‘n dag wat die HERE welgevallig is? (6) Is dít nie die vas wat Ek verkies nie: dat julle losmaak die bande van goddeloosheid,

> dat julle afhaal die stroppe van die juk en vry laat weggaan die verdruktes en elke juk stukkend breek? (7) Is dit nie dat jy jou brood breek vir hom wat honger het, en ellendiges, swerwelinge in die huis inbring nie? As jy iemand sien wat naak is, dat jy hom klee, en jou vir jou eie vlees nie verberg nie? (Jesaja 58:3-7)

Bloot godsdienstige optrede is waardeloos as ons nalaat om hulpbehoewendes te help. Jesus het verklaar: "Wee julle, Fariseërs, want julle gee tiendes van die kruisement en die wynruit en elke groentesoort, en julle verwaarloos die reg en die liefde tot God…" (Lukas 11:42).

> So het die HERE van die leërskare gespreek en gesê: Spreek 'n eerlike vonnis uit en bewys liefde en barmhartigheid die een aan die ander. (10) En moet nie die weduwee en die wees, die vreemdeling en die arme verdruk nie en kwaad in julle hart teenoor mekaar bedink nie. (Sagaría 7:9-10)

God keur geen onderdrukking in enige vorm goed nie, en ook nie enige planne om jouself te bevoordeel ten koste van iemand anders nie.

> My broeders, laat julle geloof in onse Here Jesus Christus, die Here van die heerlikheid, nie wees met aanneming van die persoon nie. (2) Want as daar in julle vergadering 'n man inkom met goue ringe aan die vingers, met 'n pragtige kleed aan, en daar kom ook 'n arm man in met vuil klere aan; (3) en as julle opsien na hom wat die pragtige kleed dra, en vir hom sê: Gaan u op hierdie goeie plek sit, en vir die arme sê julle: Gaan jy daar staan of hier onder my voetbank sit – (4) het julle dan nie by julleself onderskeid gemaak en regters met verkeerde oorlegginge geword nie? (5) Luister, my geliefde

broeders – het God nie die armes van hierdie wêreld uitverkies as rykes in die geloof en erfgename van die koninkryk wat Hy beloof het aan die wat Hom liefhet nie? (6) Maar julle het die arm man oneer aangedoen. Is dit nie juis die rykes wat julle oorweldig en julle voor die regbanke sleep nie? (7) Is dit nie hulle wat die edele Naam belaster wat oor julle aangeroep is nie? (8) As julle ewenwel die koninklike wet volbring volgens die Skrif: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself – dan doen julle goed. (Jakobus 2:1-8)

By God is daar geen partydigheid nie; ons is almal gelyk in Sy oë: "God [is] geen aannemer van die persoon… nie" (Handelinge 10:34).

Reine en onbesmette godsdiens voor God en die Vader is dít: om wese en weduwees in hulle verdrukking te besoek en jou vlekkeloos te bewaar van die wêreld. (Jakobus 1:27)

Suiwer godsdiens is *nie* denominasiolisme, seremonialisme, dogmatisme, emosionalisme of kerklike ooreenstemming nie.

Dan sal die Koning vir die wat aan sy regterhand is, sê: Kom, julle geseëndes van my Vader, beërf die koninkryk wat vir julle berei is van die grondlegging van die wêreld af. (35) Want Ek het honger gehad, en julle het My te ete gegee; Ek het dors gehad, en julle het My te drinke gegee; Ek was ‘n vreemdeling, en julle het My herberg gegee; (36) Ek was naak, en julle het My geklee; Ek was siek, en julle het My besoek; in die gevangenis was Ek, en julle het na My gekom. (37) Dan sal die regverdiges Hom antwoord en sê: Here, wanneer het ons U honger gesien en gevoed; of dors, en te drinke gegee? (38) En wanneer het ons U ‘n vreemdeling gesien, en herberg gegee; of naak, en geklee? (39) En wanneer het ons U siek gesien of in die gevangenis, en na U gekom? (40) En die Koning sal

> antwoord en vir hulle sê: Voorwaar Ek sê vir julle, vir sover julle dit gedoen het aan een van die geringstes van hierdie broeders van My, het julle dit aan My gedoen. (Matthéüs 25:34-40)

Wat is die kwalifikasies om 'n broer of suster van Jesus te wees? Daar is slegs een: 'n lid van die mensdom. Ons is *almal* lede van Jesus se familie.

> *Maar Ek sê vir julle dat baie sal kom van ooste en weste en saam met Abraham en Isak en Jakob sal aansit in die koninkryk van die hemele.*
>
> *—Jesus (Matthéüs 8:11)*

## 23

# God is Nederig

Terwyl God die magtigste wese in die heelal is, is Hy ook terselfdertyd die nederigste.

> En die engel sê vir hulle: Moenie vrees nie, want kyk, ek bring julle ‘n goeie tyding van groot blydskap wat vir die hele volk sal wees, (11) dat vir julle vandag in die stad van Dawid gebore is die Saligmaker wat Christus, die Here, is. (12) En dit is vir julle die teken: julle sal ‘n Kindjie vind wat in doeke toegedraai is en wat in die krip lê. (Lukas 2:10-12)

God het die nederigste moontlike toegang tot ons wêreld gekies – as 'n onskadelike baba wat in 'n voerbak lê.

> Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. (29) Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; (30) want my juk is sag en my las is lig. (Matthéüs 11:28-30)

Hoe kon Jesus, die Seun van God, Homself duideliker uitdruk? Hy sê: "Ek is sagmoedig en nederig van hart."

> En Jesus sê vir hom: Die jakkelse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie. (Matthéüs 8:20)

Hier identifiseer Jesus met die armste lede van die samelewing: die haweloses.

> En [hulle] trek Hom ‘n purperkleed aan en vleg ‘n kroon van dorings en sit dit vir Hom op; (18) en hulle begin Hom begroet: Wees gegroet, Koning van die Jode! (19) En hulle slaan Hom met ‘n riet op die hoof en spuug op Hom en val op die knieë en bring Hom hulde. (20) En toe hulle Hom bespot het, trek hulle Hom die purperkleed uit en trek Hom sy eie klere aan; en hulle lei Hom weg om Hom te kruisig. (24) En nadat hulle Hom gekruisig het, het hulle sy klere verdeel deur die lot te werp oor wat elkeen moes kry. (27) Hulle het ook twee rowers saam met Hom gekruisig, een aan sy regter- en een aan sy linkerkant. (28) En die Skrif is vervul wat sê: En Hy is by die misdadigers gereken. (Markus 15:17-20,24,27-28)

Van Sy nederige geboorte tot Sy kruisiging tussen twee diewe het Jesus, die Seun van God, gedurig sagmoedigheid en nederigheid bewys.

> Hy het jou bekend gemaak, o mens, wat goed is; en wat vra die HERE van jou anders as om reg te doen en liefde te betrag en ootmoedig te wandel met jou God? (Miga 6:8)

> Sal twee met mekaar wandel tensy hulle eers afgespreek het? (Amos 3:3)

Ons sal in harmonie met God wandel as ons so nederig soos Hy is. Wanneer ons die nederigheid verstaan wat ons sagmoedige God gedemonstreer het, hoe kan ons een atoom van twyfel koester oor Sy betroubaarheid?

*Ons almal het gedwaal soos skape, ons het elkeen sy eie pad geloop; maar die HERE het die ongeregtigheid van ons almal op*

*Hom laat neerkom. Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders – ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie. Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote – wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom. En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in sy mond gewees het nie.*

—Jesaja 53:6–9

## 24

## God is ‘n Dienskneg, Nie ‘n Slawe-Opsigter Nie

> Ek noem julle nie meer diensknegte nie, omdat die dienskneg nie weet wat sy heer doen nie. Maar Ek het julle vriende genoem, omdat Ek alles wat Ek van my Vader gehoor het, aan julle bekend gemaak het.

—Jesus (Johannes 15:15)

God wil nie ons blinde geloofsonderdanigheid hê nie. Hy wil ons vriendskap hê. Wanneer ons met 'n vriend praat, gebruik ons nie formaliteit of mistiek nie. God wil hê ons moet eerlik met Hom praat, soos ons met 'n goeie vriend praat – dit is die ware sin van gebed. God het ons geskape met die vermoë om te redeneer, en Hy nooi ons uit om daardie vermoë te beoefen: "Kom nou, en laat ons die saak uitmaak, sê die HERE" (Jesaja 1:18).

> Maar Jesus het hulle na Hom geroep en gesê: Julle weet dat die owerstes van die nasies oor hulle heers en die groot manne oor hulle gesag uitoefen; (26) maar só moet dit onder julle nie wees nie; maar elkeen wat onder julle groot wil word, moet julle dienaar wees. (27) En elkeen wat onder julle die eerste wil word, moet julle dienskneg wees; (28) net soos die Seun van die mens nie gekom het om gedien te word nie, maar om te dien en sy lewe te gee as ‘n losprys vir baie. (Matthéüs 20:25-28)

Jesus het die wet van die lewe gedemonstreer – Hy het van Homself gegee om ander te dien.

> En Jesus het deur die hele Galiléa rondgegaan en in hulle sinagoges geleer en die evangelie van die koninkryk verkondig en elke siekte en elke kwaal onder die volk genees. (24) En die gerug aangaande Hom is versprei oor die hele Sírië; en hulle het na Hom gebring almal wat ongesteld was, wat gekwel was deur allerhande siektes en pyne en wat van duiwels besete was, en maansiekes en verlamdes; en Hy het hulle gesond gemaak. (25) En groot menigtes het Hom gevolg van Galilée en Dekápolis en Jerusalem en Judéa en van oorkant die Jordaan af. (Matthéüs 4:23-25)

> En daar kom 'n melaatse na Hom toe wat Hom smeek en voor Hom op die knieë val en vir Hom sê: As U wil, kan U my reinig. (41) En Jesus het vir hom innig jammer gevoel en die hand uitgesteek en hom aangeraak en vir hom gesê: Ek wil, word gereinig! (42) En toe Hy dit sê, het die melaatsheid hom dadelik verlaat, en hy is gereinig. (Markus 1:40-42)

Jesus het onvermoeid en medelydend gewerk om alle lyding te verlig. Hy het elkeen opgemerk en liefdevolle sorg aan iedereen getoon: "En daar is nog baie ander dinge wat Jesus alles gedoen het; maar as hulle een vir een beskrywe moes word, sou die wêreld self, dink ek, die geskrewe boeke nie bevat nie. Amen." (Johannes 21:25).

> ...Jesus [het], omdat Hy wis dat die Vader alles in sy hande gegee het en dat Hy van God uitgegaan het en na God heengaan, (4) van die maaltyd opgestaan en sy bo-klere uitgetrek en 'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak. (5) Daarna het Hy water in 'n bak gegooi en die voete van die dissipels begin was en afdroog met die doek wat Hy omgehad het. (Johannes 13:3-5)

Hierdie openbarende "daad van God" vind plaas by Christus se Laaste Avondmaal, slegs ure voor Sy verhoor en kruisiging. Lukas se evangelie gee hierdie inkriminerende besonderhede oor Jesus se dissipels tydens hierdie geleentheid: "En daar het ook twis onder hulle ontstaan oor wie van hulle die grootste geag moet wees." (Lukas 22:24).

Hier is die agtergrond: Jesus het geweet dat Hy van God gekom het. Alles was in Sy hande. Met ander woorde, Jesus was ten volle bewus daarvan dat Hy God *was*, met al die krag van God. Hy was ook bewus daarvan dat Sy eie dissipels in die middel van 'n geskil was oor wie van hulle die grootste in die koninkryk van God sou wees. Wat het Jesus gedoen? Hy het "'n doek geneem en dit om Hom vasgemaak" en die voete van Sy verwaande dissipels gewas (die taak van 'n huishoudelike slaaf in daardie kultuur).

> *Want hierdie gesindheid moet in julle wees wat ook in Christus Jesus was. Hy, wat in die gestalte van God was, het dit geen roof geag om aan God gelyk te wees nie, maar het Homself ontledig deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem en aan die mense gelyk geword.*
>
> — Filippense 2:5–7

## 25

## God Het Jou Onvoorwaardelik Lief

> Kan ‘n vrou haar suigling vergeet, dat sy haar nie ontferm oor die seun van haar skoot nie? Ofskoon hulle sou vergeet, nogtans sal Ék jou nie vergeet nie! Kyk, Ek het jou in die handpalms gegraveer…

— Jesaja 49:15–16

Ons mag tye hê wanneer ons voel dat God ons vergeet het, maar gevoelens is nie altyd 'n akkurate maatstaf van die werklikheid nie. God sê Hy sal ons nie vergeet nie: “Word vyf mossies nie vir twee stuiwers verkoop nie? En nie een van hulle is voor God vergeet nie. Maar selfs die hare van julle hoof is almal getel. Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies.” (Lukas 12:6-7)

> Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomende dinge (39) of hoogte of diepte of enige skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie. (Romeine 8:38-39)

Dit sal onmoontlik wees om God se liefde vir ons te oordryf. Al ons pogings om Sy liefde te beskryf, skiet tekort.

> Kyk wat ‘n groot liefde die Vader aan ons bewys het, dat ons kinders van God genoem kan word! (1 Johannes 3:1)

God se hoop vir elkeen van ons is dat ons Hom as ons Hemelse Vader sal herken. Dan sal ons ons erfenis as seuns en dogters van God besef.

> Pas op dat julle nie een van hierdie kleintjies verag nie; want Ek sê vir julle dat hulle engele in die hemele altyd die aangesig sien van my Vader wat in die hemele is. (11) Want die Seun van die mens het gekom om te red wat verlore is. (12) Wat dink julle? As iemand honderd skape het en *een van hulle* verdwaal, sal hy nie negen-en-negentig laat staan en op die berge die verdwaalde een gaan soek nie? (13) En as hy hom kry, voorwaar Ek sê vir julle dat hy blyer is oor hom as oor die negen-en-negentig wat nie verdwaal het nie. (14) So is dit nie die wil van julle Vader wat in die hemele is, dat *een* van hierdie kleintjies verlore gaan nie. (Matthéüs 18:10-14, klem bygevoeg)

Elke persoon, van die hoogmoedigste monarg op die troon tot die armste bedelaar op die straat, is waardevol vir God. Hoe waardevol? God sou die hemel verlaat het; Hy sou gely en gesterf het vir slegs *een* lid van Sy menslike gesin – as daardie een persoon die enigste een was wat reddende versoening nodig gehad het.

*Ja, Ek het jou liefgehad met 'n ewige liefde; daarom het Ek jou getrek met goedertierenheid.*

*—Jeremia 31:3*

## 26

## Die Koninkryk van God

> Die koninkryk van God kom nie met sigbare tekens nie. En hulle sal nie sê: Kyk hier! of: Kyk daar! nie; want die koninkryk van God is binne-in julle.

— Jesus (Lukas 17:20–21)

Die wêreld se koninkryke en instellings is almal sigbaar, met 'n sigbare staatshoof en hoofkwartier. As ons op soek is na 'n sigbare manifestasie van die koninkryk van God, sal ons dit nie vind nie. God se koninkryk is slegs sigbaar in ons harte, soos wat liefde vir God en mekaar ons selfsugtigheid vervang.

> En Hy [Jesus] het gesê: Waarmee moet ons die koninkryk van God vergelyk, of met watter soort gelykenis moet ons dit voorstel? (Markus 4:30)

Hoe moeilik is dit om woorde in menslike taal te vind wat 'n akkurate prentjie van die koninkryk van God oordra aan diegene wat net bekend is met hierdie wêreld se koninkryke!

> Jesus antwoord en sê vir hom: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir jou, as iemand nie weer gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie. (Johannes 3:3)

Dit is die werk van die Heilige Gees om geestelike dinge verstaanbaar te maak. Wanneer ons die sagte invloed van die Heilige Gees verwelkom, kom die geestelike realiteit in fokus om dit moontlik te maak om die koninkryk van God *in te sien* of te begryp. Die

verandering in perspektief van hierdie nuwe realiteit is versoenend en lewe-gewend, soos om “weer gebore” te word.

Die Heilige Gees is nie beperk tot die werk binne die grense van godsdiens, soos ons soms dink nie. Hy praat met almal ongeag die agtergrond, ligging op die planeet of ideologie wat bely word. Selfs ateïste is nie immuun teen die werking van die Heilige Gees in die hart nie. God het nie ons kortsigtige vooroordeel nie en neem nie aanstoot as iemand nie in Sy bestaan glo nie.

Die inhoud van die geestelike dinge wat die Heilige Gees verstaanbaar maak, is nie bloot kopkennis nie, maar bring 'n verandering van hart. 'n Medelydende en vrygewige agnostikus of ateïs is byvoorbeeld meer gevoelig vir die invloed van die Heilige Gees en is nader aan die koninkryk van God as 'n selfregverdige, hardvogtige godsdiensyweraar. Wat sou vir God moeiliker wees – om 'n mens se denke oor Sy bestaan te verander of om 'n hardnekkige, harde hart te verander?

> En hulle het kindertjies na Hom gebring, dat Hy hulle kon aanraak; en die dissipels het die wat hulle gebring het, bestraf. (14) Maar toe Jesus dit sien, het Hy hulle dit baie kwalik geneem en vir hulle gesê: Laat die kindertjies na My toe kom en verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die koninkryk van God. (15) Voorwaar Ek sê vir julle, elkeen wat die koninkryk van God nie soos ‘n kindjie ontvang nie, sal daar nooit ingaan nie. (Markus 10:13-15)

Wanneer dit daarby kom om die waarheid oor God en Sy koninkryk te leer, is die moeilikste deel nie die aanleer nie, maar die *afleer* wat teweeggebring moet word. Baie van ons het 'n enorme belegging in die ontwikkeling van ons beeld van God gemaak. Wanneer daardie beeld verdraai word, kan dit besonder moeilik wees om dit prys te gee. Aangesien 'n verdraaide beeld van God al so lank in gewilde godsdiens ingeprent is, staan dit as die grootste struikelblok

om die waarheid oor God en Sy koninkryk te verstaan. Kinders het relatief minder blootstelling aan hierdie verdraaide beeld van God gehad, wat dit makliker maak vir hulle om die waarheid oor ons sagmoedige God te aanvaar.

> In daardie uur het die dissipels na Jesus gekom en gesê: Wie is tog die grootste in die koninkryk van die hemele? (2) Toe roep Jesus ‘n kindjie na Hom en laat hom in hulle midde staan (3) en Hy sê: Voorwaar Ek sê vir julle, as julle nie verander en soos die kindertjies word nie, sal julle nooit in die koninkryk van die hemele ingaan nie! (4) Elkeen dan wat homself verneder soos hierdie kindjie, hy is die grootste in die koninkryk van die hemele. (Matthéüs 18:1-4)

Die koninkryk van die hemele is die teenoorgestelde van die koninkryke van die wêreld. Daar is geen plek vir arrogansie, manipulasie, dwang of trots oor posisie nie. Ons benodig kinderlike vertroue in ons Hemelse Vader en 'n oop bereidwilligheid om te leer.

> Verder is die koninkryk van die hemele soos ‘n skat wat verborge is in die saailand, wat ‘n man kry en wegsteek; en uit blydskap daaroor gaan hy en verkoop alles wat hy het, en koop daardie saailand. (45) Verder is die koninkryk van die hemele soos ‘n koopman wat mooi pêrels soek; (46) en toe hy een baie kosbare pêrel kry, gaan hy weg en verkoop alles wat hy het, en koop dit. (Matthéüs 13:44-46)

Wanneer ons die waarheid oor God verstaan – dat Hy onbeperkte, ander-gesentreerde liefde het en dat Hy ten volle betroubaar, barmhartig en vrygewig is – sal ons terselfdertyd 'n duidelike begrip hê van hoe Sy koninkryk is. Ons sal ons verdraaide beeld van God as waardeloos beskou en sal dit met vreugde verkoop om die ware beeld van God en Sy koninkryk te koop.

> En toe een van die skrifgeleerdes wat bygekom het, hulle hoor redetwis, en wis dat Hy hulle goed geantwoord het, vra hy vir Hom: Wat is die eerste gebod van almal? (29) En Jesus antwoord hom: Die eerste van al die gebooie is: Hoor, Israel, die Here, onse God, is ‘n enige Here; (30) en jy moet die Here jou God liefhê uit jou hele hart en uit jou hele siel en uit jou hele verstand en uit jou hele krag. Dit is die eerste gebod. (31) En die tweede, hieraan gelyk, is dit: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Daar is geen ander gebod groter as dié nie. (32) En die skrifgeleerde sê vir Hom: Goed, Meester, U het met waarheid gesê dat God een is en daar geen ander is as Hy nie; (33) en om Hom lief te hê uit die hele hart en uit die hele verstand en uit die hele siel en uit die hele krag, en om die naaste lief te hê soos jouself, is meer as al die brandoffers en die slagoffers. (34) Toe Jesus sien dat hy verstandig geantwoord het, sê Hy vir hom: Jy is nie ver van die koninkryk van God nie. (Markus 12:28-34)

Jesus het aan die skrifgeleerde, wie se vraag Hy geantwoord het, aangemoedig: "Jy is nie ver van die koninkryk van God nie." Die skrifgeleerde het 'n dieper begrip as ander van die geestelike realiteit uitgespreek. Hy het verder gegaan as 'n oppervlakkige lees van die Skrif en die wet-van-liefde-visie begryp wat Jesus voorgestel het.

Hoe sal die nuwe aarde wees indien die wet van liefde die enigste wet van die land is? God se ander-gesentreerde liefde sal in die hele mensdom weerspieël word. Elke persoon sal ander liefhê en waarde heg aan elke ander persoon deur ander "hoër… as homself" te ag (Filippense 2:3). Daar sal 'n toestand van blydskap en sekuriteit wees, oneindig bo dit wat ons ons kan indink.

*Maar soos geskrywe is: Wat die oog nie gesien en die oor nie gehoor en in die hart van 'n mens nie opgekom het nie, wat God berei het vir die wat Hom liefhet.*

— 1 Korinthiërs 2:9

## 27

# God Bied Ons Ware Vryheid

> En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis, en laat hulle heers oor die visse van die see en die voëls van die hemel en die vee en oor die hele aarde en oor al die diere wat op die aarde kruip.
>
> —Genesis 1:26

Die heerskappy oor die aarde wat God aan die mensdom gegee het, het nie misbruik of uitbuiting goedgekeur nie. Adam en Eva en hul nageslag moes liefhebbers van die aarde en elke skepsel daarin wees. Die Skrif vermeld: "Die aarde het Hy aan die mensekinders gegee" (Psalms 115:16). Toe ons eerste ouers die leuen geglo het dat God selfsugtig en beperkend is, was hulle deur die bedrieër oorval en was hulle gedagtes aan hom gebonde, "want waar 'n mens deur oorwin is, daarvan het hy ook ‘n slaaf geword" (2 Petrus 2:19). Waar Adam en Eva eens vryheid gehad het, was hulle en hul kinders nou in slawerny aan die duiwel. Vir 'n skrikwekkende oomblik na die sondeval het dit geblyk dat die mensdom geen toevlug sou hê nie, behalwe om hulpeloos gevonnis te word tot dieselfde onvermydelike vernietiging as Satan en die ander gevalle engele.

Tog is daar goeie nuus; God het vir hulle *en* hul nageslag 'n uitweg uit slawerny gebied. Om hierdie noodgeval te hanteer, het God hierdie woorde aan Satan gespreek: "En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad." (Genesis 3:15). Wat is hierdie vyandskap?

Toe Satan en sy volgelinge teen God in die hemel gerebelleer het, het hulle dit gedoen vanuit die posisie van 'n baie lang verhouding met die Vader, die Seun en die Heilige Gees. Hulle het genoeg ervaring

gehad om God se liefde te ken en het geen rede gehad om Sy goedheid te betwyfel nie. Toe hulle hulself van God afgesny het, op die wyse wat hulle dit gedoen het, het hulle hulself ontneem van alle vermoëns om op die werking van die Heilige Gees te reageer. Deur hul hardnekkige trots het hulle hulself gevonnis tot duisternis en uiteindelike vergetelheid om nie in staat te wees om hulle te bekeer en terug te keer na hul Skepper nie.

Toe Adam en Eva gesondig het, het hulle dit gedoen vanuit 'n posisie van beperkte kennis van God en beperkte ondervinding met Hom. Hulle is deur die Satan mislei; hulle *het nie* 'n berekende besluit geneem om hul Skepper te verwerp nie. Die mensdom se vervreemding van God was nie sonder oplossing nie. God se belofte dat Hy "vyandskap stel" tussen Satan en die vrou, was die oorspronklike evangelieboodskap aan die wêreld.

God het genadiglik aan Adam en Eva en hul nageslag hoop gegee dat hulle harte en verstand steeds in staat sal wees om op die Heilige Gees te reageer – hulle sal tog ontvanklik wees vir die liefde van God. Die mensdom se slawerny aan Satan sou nie in totaliteit wees nie. Elke persoon se vrye wil sal ongeskonde bly deur Satan se invloed oor ons te beperk en ons vryheid van keuse te verseker sodat ons met ons Skepper versoen kan word.

> …ook die skepping self [sal] vrygemaak word van die slawerny van die verganklikheid tot die vryheid van die heerlikheid van die kinders van God. (Romeine 8:21)
>
> Staan dan vas in die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, en laat julle nie onder die juk van diensbaarheid bring nie. (Galásiërs 5:1)
>
> As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees. (Johannes 8:36)

...in wie die god van hierdie wêreld die sinne verblind het, sodat die verligting van die evangelie van die heerlikheid van Chrisus, wat die beeld van God is, op hulle nie sou skyn nie. (6) Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn – dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlikheid van God in die aangesig van Jesus Christus.
(2 Korinthiërs 4:4,6)

Is dit nie tyd om die donker bedekking van wettisisme en teenstrydigheid waarmee Satan die evangelie van Christus omhul het, af te gooi nie en te kies om nie deel te hê aan die heersende misverstand van ons sagmoedige God nie?

*As julle in my woord bly, is julle waarlik my dissipels. En julle sal die waarheid ken, en die waarheid sal julle vrymaak.*

*—Jesus (Johannes 8:31–32)*

Die waarheid is die goeie nuus oor ons sagmoedige God!

*So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die HERE.*

— Jeremia 9:23–24

## Samevatting

1. Die Bybel is redelik en verstaanbaar wanneer dit korrek verstaan word. Die Bybel definieer en interpreteer homself. (Jes 1:18; 1 Kor 2:13)
2. Ons weë en gedagtes weerspieël nie God se weë en gedagtes nie. (Jes 55:8–9; Ps 50:21)
3. God se heerlikheid is Sy karakter. (Ex 34:6–7; 2 Kor 4:4,6)
4. God is liefde. (1 Joh 4:8,16)
5. God se liefde is volkome onselfsugtig. (Joh 3:16–17; Rom 5:8)
6. Liefde vereis vryheid. (Deut 30:19–20; Joh 8:32,36)
7. Jesus is God. (Joh 1:1-3, 14; Kol 1:13–17)
8. Jesus is die duidelikste openbaring van God. (Hebr 1:3)
9. God verander nooit. (Mal 3:6; Hebr 13:8; Jak 1:17)
10. God is die Skepper en Onderhouer — nie die vernietiger nie. (Gen 1:1; Ps 33:6,9; Hebr 1:3; Luk 9:56; Joh 10:10)
11. Die geskilpunt het betrekking op God se regeringsbeginsels – dit gaan nie oor Sy mag nie. (Gen 3:1–5)
12. God se koninkryk word beheer deur die wet van liefde – nie deur die gesag van die wet nie. (Matt 22:37–40;Gal 5:14, 22–23; 1 Kor 13)
13. God gebruik nooit geweld nie. Hy oorwin kwaad met goed. (Matt 5:43–48; Rom 12:20–21; Luk 23:34)
14. Satan is God se teenstander en 'n meester van misleiding. (Joh 8:44; 2 Kor 11:14; Open 12:7–9; 1 Pet 5:8)
15. Sonde is om God te beskou as self-dienend en onbetroubaar. (Gen 3:1–5; Kol 1:21)
16. Sonde is dodelik — nie God nie. (Rom 6:23; Jak 1:13–15)
17. God oordeel ons nie — ons oordeel onsself. (Joh 3:17–21; 5:22; 12:44–48; Matt 7:1–5; Luk 6:37; Rom 2:1-3)
18. Die evangelie is die goeie nuus oor God. (2 Kor 4:3–6; Open 14:6–7; Luk 15:11–32; Joh 3:16–17; Rom 5:8)
19. Redding is genesende versoening – dis is nie 'n wetlike kwessie nie. (Mark 2:16–17; Luk 4:18–19; Hand 28:27; 2 Kor 5:18)
20. Om God te ken is die ewige lewe. (Joh 17:3)



Dade van ons Sagmoedige God bring oortuigende bewys vanuit die Bybel vorendag om God te onthef van die aantygings dat Hy ongevoelig, veroordelend, beherend en onregverdig is, sy humeur verloor of gewelddadig is. Hierdie boek illustreer dat die hele Bybel, indien korrek verstaan, in harmonie is met die duidelike stelling: "God is liefde." (1 Joh. 4:8)



Die outeur se reis tot 'n duideliker prentjie van ons sagmoedige God strek oor 50 jaar. Jay woon saam met sy vrou, Julie, in hul "Walden"-geïnspireerde houthuis in die woude van noordelike Minnesota, VSA.